

## HOOFSTUK 7

# MARAIS SE WETENSKAPLIKE PROSA OOR ANDER ONDERWERPE

### 7.1 Inleiding

Benewens Marais se geskrifte oor termiete en bobbejane, wat in die voorafgaande hoofstukke in besonderhede bespreek is, het hy ook bydraes oor 'n aantal ander onderwerpe die lig laat sien. "There was no natural phenomenon, no facet of human behaviour, no form of animal behaviour whose underlying causes Eugène Nielen Marais did not seek to probe, recording his observations and theories with attractive clarity in popular form," skryf Marais se seun in die "Preface" tot *The road to Waterberg and other essays* (1972a: 5). Marais se geskakeerde oeuvre lewer voldoende getuienis hiervan.

Die bundels *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (1928a) en *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*) het tydens Marais se lewe verskyn. Postuum verskyn die bundel *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b), die essay *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b) en 'n Engelse keur uit sy geskrifte in *The road to Waterberg and other essays* (1972a). In hierdie hoofstuk word oorsigtelik aan dié geskrifte aandag gegee. Onderwerpe in dié bundels wat wel in ander hoofstukke aandag gekry het, word nie hier behandel nie, of slegs vermeld. Soos in die voorafgaande twee hoofstukke word die omstandighede waarin die werk tot stand gekom het, die wyse waarop die navorsing onderneem is, die tekste se publikasie-geskiedenis, hulle ontvangs en wyse van aanbidding bespreek. Ten slotte word die betekenis van die tekste aangedui en 'n samevatting gegee.

Hoewel hierdie hoofstuk 'n algemene oorsig van Marais se "ander" wetenskaplike prosa (d.w.s. nie dié oor termiete en bobbejane nie) bevat, word die klem veral geplaas op tekste wat oor voëls handel. Die keuse van hierdie tema is

deur 'n aantal faktore bepaal. Eerstens het Marais meerdere kere oor voëls geskryf en is dié tema nog nie bevredigend as 'n faset van sy wetenskaplike werk ondersoek nie, terwyl sy werk oor onder meer slange en droogte in die verlede wel aandag geniet het. Tweedens het Marais van verskillende genre-vorme gebruik gemaak en bied dié tekste die geleentheid tot 'n bespreking van enkele subgenres (o.m. die skets en die essay) in sy werk. Derdens het Marais juis oor voëls een van sy klein meesterwerke nagelaat, naamlik *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b), op grond waarvan die verhouding tussen literatuur en wetenskap op boeiende wyse geïllustreer kan word. Ten slotte het 'n eie belangstelling in voëls en 'n skryfprojek wat ek in die negentigerjare aangepak het my nuuskierigheid in literatuur oor voëls geprikkel (kyk Marais, 1994a en 2001). Ek het dié faset van Marais se werk dus as 'n besonder nuuskierige leser benader en probeer om na aanleiding van my eie ervarings in dié verband enkele opmerkings oor sy werk te maak.

## 7.2 Ontstaansomstandighede

Dié waarnemings van Marais wat vervat is in sy wetenskaplike prosa wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, is tydens verskillende tydperke in sy lewe gemaak. Bepaalde omstandighede sou egter 'n rol speel in sowel die waarnemings as die geskifte wat daaruit voortgespruit het. Droogte, 'n vroeë tema waarvoor Marais geskryf en waarmee hy aandag getrek het, is 'n goeie voorbeeld om mee te begin.<sup>1</sup>

Een van Marais (1972a: 16–33) se vroeë wetenskaplike artikels, “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg” (in *The road to Waterberg*), dateer naamlik uit die jaar 1914 (kyk 7.4). Met hierdie artikel het Marais oor 'n onderwerp geskryf wat tot laat in sy lewe nog 'n rol in sy werk sou speel. Die onmiddellike aanleiding tot die genoemde artikel was “a culmination of several drought years” (p. 19) in die Waterberg, en die artikel bied 'n voorstelling van die uitwerking wat die droogte op lewe in die natuur het. Hy formuleer ook daarin sy teorie dat die aarde besig is om uit te droog.

Die legendariese droogtejaar 1933 noop Marais om in drie artikels in *Die*

*Vaderland* weer na die onderwerp terug te keer.<sup>2</sup> In “Die verwoestingsgang van droogte” (later opgeneem in *’n Paradys van weleer*) sluit hy by sy artikel van 1914 aan en brei hy aan die hand van nuwe bewyse daarop uit.<sup>3</sup> Uit dieselfde tyd dateer ook die artikels “’n Paradys van weleer”, oor die uitwerking van die droogte op die landstreek Agter-die-Berg, en “Waar die wêreld verkeerd om wentel” (in *’n Paradys van weleer*), wat handel oor die invloed van droogte op die panne rondom Boshof gedurende die droogte van 1933 (kyk 3.3). Die droogte gee selfs aanleiding tot ’n besonder vreemde verhaal, “Ondergang van die Tweede Wêreld” (in *Keurverhale*, 1980).<sup>4</sup>

Nog ’n onderwerp, naamlik slange, speel ’n opmerklike rol in Marais se oeuvre. Volgens Rousseau (1984c: 220) het Marais ’n intense belangstelling in slange gehad:

Naas Marais se beroemde boeke oor termiete en bobbejane is daar ’n derde, nooit geskrewe werk wat hy miskien sou kon genoem het *Die Siel van die Slang* – want na bobbejane en miere het geen ander dier sy belangstelling so geprikkel nie. Reeds sedert sy vroegste kinderdae het hy in die wilde, subtropiese Pretoria met slange kennis gemaak; as seun en later as jong man het hy hulle aangehou; reeds in Londen het hy blykbaar eksperimente in verband met slanggif uitgevoer.

Dit is egter veral Marais se verblyf in die Waterberg en sy besoek aan die vier Van Heerden-broers op die plaas Rietvlei in die Swaershoek wat gelei het tot ’n aantal ervarings met slange wat hy in “Die wêreld se mees gevreesde slang” (in *’n Paradys van weleer*) beskryf. Marais skryf breedvoerig oor die gevaarlike mamba of “makopa” (“sonder twyfel die grootste giftige slang in die wêreld”, p. 73). Die artikel is saamgestel uit ’n aantal “min of meer persoonlike ontmoetings met hierdie mees gevreesde slang in die wêreld” (p. 79) en verhale oor slange wat hy in die Waterberg gehoor het. “Gevleuelde dood” (in *’n Paradys van weleer*) sluit hierby aan en vertel meer oor die spoed van die mamba en hoe kragtig die slang se gif is. In die essay “Slanggif” uit 1911 (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*) beskryf Marais die uitwerking van slanggif op sekere warmbloedige diere, terwyl die effek in die verhaal “Diep rivier” (in *Die leeus van Magoeba en ander verhale*) op kennis van die

gedrag van die mamba berus. In al hierdie geskryfte skryf Marais hoofsaaklik oor die gevreesde swartmamba (*Dendroaspis polylepis*)<sup>5</sup> wat hy in die Waterberg en veral op Rietvlei in die Swaershoek leer ken het.

Marais se verblyf in die Waterberg en sy besoeke aan ander gebiede in die noorde van die destydse Transvaal het ook materiaal vir 'n aantal tekste met 'n historiese en/of antropologiese inslag opgelewer. Voorbeelde hiervan is "Die woestynvlug van die Herero's", "Modjaje" en "Die laaste Mapela-moord" (in *Sketse uit die lewe van mens en dier*; heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*) en "The Bavenda's sacred beads" (in *The road to Waterberg and other essays*). "Die woestynvlug van die Herero's" handel oor "die vlug van die Herero's uit Suidwes deur die Kalahari na die gebied van die Bamangwato, en eindelik na Palala in Waterberg" (Marais, 1984: 341).<sup>6</sup> In "Modjaje" word die geskiedenis vertel van "die Sonvorstin Modjaje, wat gedurende die laaste jare van die Suid-Afrikaanse Republiek in Soutpansberg gesterf het" (Marais, 1984: 350).<sup>7</sup> "Die laaste Mapela-moord" speel eweneens in die Waterberg af, waar Hans Masibi Mapela in 1901 planne vir dié moord beraam het (kyk Marais, 1984: 365). "The Bavenda's sacred beads" handel oor die lotgev alle van 'n halssnoer waaraan die Bavenda-hoofmanne groot waarde geheg het.<sup>8</sup> Marais (1972a: 1256) skryf onder meer soos volg:

The existence of the 'sacred' beads and the importance the tribe attached to them was known to most White people who had come into contact with them. It is related that these beads were brought with the Bavenda from the Congo and were passed by the paramount chiefs from father to son as the supreme emblem of kingship.

Nog 'n teks uit *Sketse uit die lewe van mens en dier* wat op waarnemings en ondervindings in die Waterberg gebaseer is, naamlik "n Klein Kerkops en sy werk", is van sowel antropologiese as argeologiese belang. In dié artikel oor die sogenaamde "Waterbergse 'Vaalpense'"<sup>9</sup> skryf Marais oor een van hulle, "Ou Klaas",<sup>10</sup> en gee veral aandag aan die ysterwerktuie wat Klaas kon vervaardig. Marais (1984: 378) skryf hieroor soos volg:

Die geheime van metaalwerk het Klaas geleer van 'n Mapela wat hom

gevang het toe hy nog klein was en toe grootgemaak het. Later het hy deur heel die noorde beroemd geword vir sy metaalwerk. Met hoogmoed het hy my vertel dat geen naturel met hom kon saamwerk nie, hoewel hy die smidsambag van hulle geleer het.

Later in die artikel volg 'n beskrywing van Marais en die jagter Jan Nel se besoek aan Klaas se smidswinkel, want “ons was spesiaal uitgenooi om te sien hoe 'n 'Kafferpik' gemaak word” (Marais, 1984: 379). Die beskrywing van die smeltery en die metodes wat Klaas gebruik het, laat geen twyfel dat hy aan sy besoekers gedemonstreer het hoe tradisionele ystersmeltery gedurende die Ystertydperk<sup>11</sup> gedoen en werktuie op dié manier vervaardig is nie.<sup>12</sup>

Twee artikels oor die sogenaamde Boesmanklippe, naamlik “Boesmanklippe” en “Geheim van die Boesmanklippe” (in *Versamelde werke*, 1984),<sup>13</sup> is nog voorbeelde van Marais se belangstelling in argeologiese onderwerpe. Marais (1984: 328) het in die Waterberg 'n versameling van dié “ronde klippe met 'n geboorde gat deur die middel” gehad en het tydens sy verblyf in Pretoria ook Gustav Preller se versameling van sowat dertig van dié raaiselagtige Steentydperk-artefakte bestudeer.<sup>14</sup> Saam met bellettristiese prosatekste soos *Dwaalstories* en “Diep rivier” (in *Die leeus van Magoeba en ander verhale*) en die gedig “Mabalêl” (kyk 4.4) is Marais se tekste oor antropologiese of argeologiese temas 'n boeiende aanvulling tot dié oor die oorsprong van die mens en 'n verdere bewys dat hy “hom aangetrokke gevoel [het] tot mense van kleur” (Rousseau, 1999b: 190). (Aangesien hierdie tema elders meermale in hierdie studie ter sprake kom, word hier nie verder aandag daaraan gegee nie.)

In Marais se tekste wat oor voëls handel, naamlik “Die heuningvoëltjie” (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*),<sup>15</sup> “'n Voëlparadys” (in *Die mielies van Nooitgedacht*) en “Kan die voëls vir ons droogte en reën voorspel?” (in *'n Paradys van weleer*), is dit ook die Waterberg as ruimte en sommige van die Waterberg se inwoners waaroor Marais skryf. In “'n Voëlparadys” word klaarblyklik doelbewus 'n interessante spel tussen fiksie en werklikheid aangebied. Die ruimte is klaarblyklik 'n plaas êrens in die Waterberg, maar daar is twyfel of daar inderdaad so 'n plaas en 'n persoon soos oom Dirk bestaan het. Rousseau (1984c: 233) skryf soos volg:

Op verskeie besoeke aan die Waterberg was dit moontlik om by ou inwoners die meeste van Marais se belangrikste verwysings na sy verblyf in hierdie wêrelddeel terug te vind. Maar by niemand het die beskrywing van die ou kluisenaar en voëlliefhebber – immers 'n sonderlinge figuur – enige herinneringe gewek nie.

Die aanloop tot die ontstaan van *Die skepbekertjie* was Marais se verblyf op Erasmus (later Bronkhorstspuit), waar hy van 1 Oktober 1921 tot 30 Mei 1922 'n prokureursvennoot van mnr. S.J. van Wyk was. Die eienaar van die plaas Witklip, mnr. Mike Henn, was bevriend met mnr. Van Wyk. Oor Marais se kennismaking met Witklip enkele kilometer buite die dorp word in die “Aantekening” voor in die bundel die volgende vermeld:

Hy [Marais – JLM] het gou bekend en bevriend geraak met Witklip se mense, en byna elke naweek daarheen uitgegaan. 'n Stil man; nie spraaksaam nie. Sy plesier was om in die veld te gaan voëls kyk; altyd het hy dan die tien klein Hennetjies saamgeneem en vir hulle baie van die veldgoed geleer en vertel (p. 5).

Die geleentheid wat Marais gehad het om op Witklip in die veld en by twee Hoëveldse panne besoek af te lê en na die voëls te kyk, het gelei tot die waarnemings waaroor hy in *Die skepbekertjie* skryf. 'n Verdere prikkel tot die skryf van die teks was 'n wedstryd vir kinders in *Die Boerevrou*. Marais het een van mnr. Henn se dogters, Anna Henn, aangemoedig om vir die wedstryd in te skryf en hy het vir haar 'n opstel geskryf om as haar eie in te dien.

### 7.3 Navorsing

Marais se wetenskaplike geskrifte wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, gee 'n goeie aanduiding van die wyse waarop hy die inligting bekom het waarop hy die meeste van sy geskrifte gebaseer het.

In “Slangif” (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*) skryf Marais

(1984: 197–198) soos volg oor sy navorsingsmetodes in verband met slanggif:

Om dit [die artikel oor die werking van slanggif – JLM] so min tegnies as moontlik te maak en ook van belang vir die algemene leser, sal ek alleen aantekeninge gebruik wat jare gelede deur myself opgestel is; alles sal gegrond wees op persoonlike proefneming en ondersoek, 'n gedeelte waarvan onder gunstige omstandighede in 'n goed ingerigte laboratorium gedoen is. Daarby is ook enige aantekeninge van ondersoeke hier en daar in die veld gedoen, onder minder gunstige omstandighede en met geen bepaalde doel nie.

In die artikel maak Marais (1984: 204–205) byvoorbeeld gebruik van aantekeninge wat hy gemaak het tydens 'n proef wat hy op twee jong ratels in gevangenskap uitgevoer het. Marais het die ratels, wat in massa van mekaar verskil het, sekere hoeveelhede “gedroogde bakkopgif, in absolute alkohol opgelos”, ingespuut. Aantekeninge oor die reaksie van die ratels, hulle polsslag, asemhaling en ander reaksie op die gif word noukeurig weergegee. In die artikel maak Marais ook melding van eksperimente wat hy waarskynlik in Londen in 'n laboratorium (kyk 3.4) met kaliumpermanganaat as 'n moontlike teëgif “ná die inspuiting van die gif” (p. 203) gedoen het.

Ook in Marais se ander artikels is daar voorbeelde van eksperimente. So groot was Marais se belangstelling in die Boesmanklippe dat hy soveel moontlik van hulle bestudeer het (kyk 7.2). Om uit te vind wat “werklik bewysbaar is in verband met die geheimsinnige klippe” (Marais, 1984: 330; beklemtoning deur die skrywer – JLM) is hulle deeglik skoongeskrop, behoorlik bekyk en selfs onder 'n mikroskoop bestudeer. In Londen het Marais 'n stel mediese instrumente (kyk Rousseau, 1984c: 133) en in 1911 'n verkyker aangeskaf (kyk Rousseau, 1984c: 243).<sup>16</sup> Hierdie instrumente was vir hom van groot nut tydens sy verblyf in die Waterberg.

Ten opsigte van Marais se artikels oor droogte sou 'n mens kon verwag dat hy in dié geskifte baie gebruik sou maak van waarnemings wat hy van Oktober 1912 tot Mei 1915 op Rietfontein gemaak het toe hy op 'n vrywillige grondslag maandeliks opgawes van neerslae aan die Weerburo in Pretoria gestuur het (kyk 3.5). Hoewel Marais inderdaad melding maak van die hoeveelheid reën wat daar in die gebied geval het, noem hy nooit enige spesifieke syfers nie. Vir Marais was

reënvalsyfers alleen klaarblyklik nie genoeg nie. Die uitwerking van die droogte moes en kon op verskillende maniere waargeneem en vasgestel word. Marais (1972a: 20) het die waarde van die navorsing besef:

The effects of such a drought open a vast field for research, of which almost every ascertained fact would be of the most vital importance to the inhabitants of South Africa. Not to the naturalist only are these facts of interest and value. To the farmer their study would afford an essential arm in his struggle for existence.

Sy artikels oor droogte gee blyke van 'n oop ingesteldheid teenoor verskillende waarnemings waardeur Marais die tekens van die uitwerking van die droogte kon vasstel. Hiervan het “die historiese getuienis van voortdurende opdroging” (Marais, 1965b: 108) 'n groot rol gespeel en daaruit blyk ook Marais se wye belesenheid oor die onderwerp. Van ewe veel belang was die tekens van die droogte en die uitwerking daarvan op die natuurlewe wat hy self in die Waterberg en tot so ver noord as die Limpoporivier gesien het.

'n Verdere kenmerk van Marais se artikels is die rol wat informante en ander mense speel met wie hy gesprekke of “onderhoude” gevoer het. Inligting in “Die woestynvlug van die Herero's” het Marais byvoorbeeld gekry by “die oorlewendes van die woestynvlug op 'n plaas in die Waterberg” (Rousseau, 1984a: 1274). In “Modjaje” word die “regstreekse getuienis” van “oorlede kommandant Henning Pretorius, destyds offisier van die Z.A.R. se Staatsartillerie, en 'n ou banneling-onderdaan van Modjaje, ene Piekenien Rakwena” (Marais, 1984: 352) betrek om die ras en kleur van Modjaje, wat volgens gerugte wit was, te probeer staaf.<sup>17</sup> 'n Mens sou kon sê dat Marais op dié manier as “navorsers” veral kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik het om baie van dié inligting vir sy geskrifte te bekom. Dat Marais (1972a: 19) egter versigtig met mondelinge getuienis omgegaan het, blyk uit die volgende aanhaling uit “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg” oor die indruk wat die droogte op mense gemaak het:

Last season was a culmination of several drought years. It was the worst drought experienced in this district since the advent of the Voortrekkers, and



this statement is made on surer evidence than the unassisted recollection of the 'oldest' inhabitant. One cannot be too doubtful of such 'facts'. An eclectic acceptance of this sort of statement can provide foundation for almost any theory. Even one's own recollection must be consulted with considerable reserve.

#### 7.4 Publikasiegeskiedenis

Marais se werk wat in hierdie hoofstuk bespreek word, het in 'n verskeidenheid publikasies verskyn. Dit wissel van die populêre media (soos koerante en tydskrifte) tot twee buitelandse wetenskaplike tydskrifte.

In 3.6 en 4.2 is melding gemaak van die geleenthede wat Marais gehad het om vir 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte te skryf. Veral gedurende die twintiger- en dertigerjare van die twintigste eeu het hy gereeld in dié publikasies gepubliseer, wat op die populêre mark gerig was, maar tog ook 'n duidelike opvoedkundige doel voor oë gehad het. Die meeste van dié artikels is mettertyd gebundel.

Gedurende Marais se lewe het daar (soos reeds in 7.1 genoem is) twee bundels met van sy artikels verskyn, naamlik *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (1928a) en *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*). In *Natuurkundige en wetenskaplike studies*, wat deur Nasionale Pers gepubliseer is, is artikels opgeneem wat tussen 15 Maart 1911 en November 1921 in *Die Banier* (bylae tot *Die Brandwag*), *Die Volkstem* en *Die Boerevrou* verskyn het. Ook die tekste in *Sketse uit die lewe van mens en dier*, wat deur dieselfde uitgewer gepubliseer is, het tussen Desember 1919 en Maart 1927 in hierdie publikasies verskyn. Die enigste uitsondering is "Skaduwee van 'n misdaad", wat oorspronklik op 19 Februarie 1927 in *The Star* verskyn het en deur L.W. v. R. Breytenbach in Afrikaans vertaal is (kyk Du Toit, 1940: 278 en Rousseau, 1984a: 1275). Drie van die tekste, naamlik "Twee dapper Afrikanermeisies", "n Klein Kerkops en sy werk" en "n Voëlparadys" is oorgeneem uit *Dwaalstories en ander vertellings* (1927).

Postuum het nog bundels van Marais die lig gesien wat saamgestel is uit

artikels wat ook oorspronklik in koerante of tydskrifte verskyn het. In 'n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b), wat deur Leon Rousseau saamgestel en deur Human & Rousseau gepubliseer is, verskyn benewens die reeks artikels “Die siel van die aap” uit *Die Huisgenoot* (kyk 6.4) twaalf artikels wat tussen 25 Februarie 1933 en 9 Februarie 1934 in *Die Vaderland* verskyn het.<sup>18</sup> Danksy die oplewing in die belangstelling in Marais se werk wat deur die publikasie van *The soul of the ape* en die heruitgawe van *The soul of the white ant* en *My friends the baboons* aangewakker is,<sup>19</sup> stel Marais se seun, Eugène Marais jr., in 1972 'n bundel saam uit Marais se Engelse artikels wat in onder meer *The Star* van tussen 19 Februarie 1927 en 28 September 1929 gepubliseer is en verskyn sewe van Marais se Afrikaanse artikels wat in *Die Vaderland* gepubliseer is die eerste keer in Engelse vertaling in *The road to Waterberg and other essays* by Human & Rousseau.<sup>20</sup>

Die artikel “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg” in *The road to Waterberg* is die eerste keer in *The Agricultural Journal of the Union of South Africa* (Vol. VII, February 1914, pp. 161–170) gepubliseer. Daarna het die Smithsonian Institution in die Verenigde State van Amerika deur bemiddeling van generaal J.C. Smuts toestemming gekry om die artikel in hulle jaarverslag te herdruk. “Ook is dit apart in boekvorm uitgegee en aan lede van die Amerikaanse Volksraad en Senaat uitgedeel asook aan wetenskaplike verenigings deur die gehele wêreld” (Marais, 1965a: 107). Saam met “The termite queen as the brain of an organism” en “Baboons, hypnosis and insanity” in *The road to Waterberg* is dit die enigste drie artikels wat Marais ooit in 'n wetenskaplike tydskrif gepubliseer het. Laasgenoemde twee artikels het onderskeidelik in 1926 en 1933 in die Britse sielkundetydskrif *Psyche* verskyn.<sup>21</sup>

*Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b) is die voorlaaste postume enkelwerk van Marais wat die lig gesien het. (*The soul of the ape* is in 1969 gepubliseer.) Volgens die “Aantekening” voor in die bundel is die teks as 'n opstel vir een van mnr. Mike Henn van die plaas Witklip naby Bronkhorstspruit se dogters, Anna Henn, geskryf. Sy moes die opstel onder haar naam vir een van *Die Boerevrou* se wedstryde vir kinders voorlê. “Maar moontlik het sy fout gemaak met die adres, want sy het nooit weer iets daaromtrent verneem nie” (p. 6). Die bladsye van die manuskrip was sorgvuldig aanmekaar gewerk met 'n garedraadje en sy het dit

later aan haar dogter Sarie van Jaarsveld gegee. *Die skepbekertjie* het in 1968 “sonder verlof van Marais se erfgename!” (Rousseau, 1984c: 334) by Tafelberg verskyn. Op die agterblad van die bandontwerp deur Gerhard Last verskyn ’n faksimile van bladsy 141 en 142 van Marais se handgeskrewe manuskrip. (’n Vergelyking tussen die handgeskrewe en die gedrukte teks in die publikasie toon dat die uitgewer onder meer wysigings aan die puntuasie aangebring het.)

In Marais se *Versamelde werke* (1984) het nog sewe artikels uit *Die Huisgenoot* en *Die Vaderland* verskyn wat nog nooit voorheen gebundel was nie. Al die ander publikasies wat in dié hoofstuk bespreek word, is ook in dié tweedelige uitgawe opgeneem. Aan die einde van “Aantekeninge deur die redakteur” haal Rousseau (1984a: 1293–1296) die hele teks van die artikel “The yellow streak in South Africa” aan om dit “minder prominent” te maak. Volgens Rousseau (1984a: 1293) is hierdie artikel by die samestelling van *The road to Waterberg* “weggelaat omdat dit stellings bevat wat vir my verregaande en vergesog gelyk het en nog lyk. (Marais haal naamlik natuurkundiges aan wat twyfel of die Boesman as mens geklassifiseer kan word – en stem dan blykbaar met hulle saam!)”

In *Die beste van Eugène Marais*, wat in 1986 onder Leon Rousseau se redaksie verskyn het, is altesaam sewentien “Verspreide artikels” uit Marais se bundels wetenskaplike prosa opgeneem. ’n Aantal foto’s en afbeeldings van kunswerke is ook as illustrasiemateriaal in hierdie uitgawe opgeneem.

## 7.5 Ontvangs

Die ontvangs wat Marais se twee bundels prosa uit 1928 te beurt geval het, werp interessante lig op die wyse waarop sy wetenskaplike prosa ontvang is. Oor die bundel *Natuurkundige en wetenskaplike studies* is daar byvoorbeeld tot dusver uitsluitlik deur die drie groot Afrikaanse literatuurhistorici geskryf. Rob Antonissen (1973: 93) merk op dat Marais “sy populêr-wetenskaplike opstelle oor biologiese en psigologiese vraagstukke [...] uit ’n evolusionistiese standpunt benader”. G. Dekker (1974: 122) vermeld dat Marais se belangstelling in die hipnose uit die bundel blyk en dat die bundel ook “interessante causerieë oor onderwerpe soos slanggif bevat”.

J.C. Kannemeyer (1984: 232) gee slegs 'n aanduiding van watter tekste in die bundel opgeneem is, sonder om verder op die inhoud in te gaan. Die titel van die bundel en die wetenskaplike inhoud daarvan het die drie literatuurhistorici waarskynlik laat oordeel dat dit voldoende is om vlugtig na die bundel te verwys en dat hulle nie méér oor dié “nieliterêre” publikasie hoef te skryf nie.

Van Marais se volgende bundel, *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*), het daar oor die jare eweneens net besprekings van letterkundiges verskyn. Aansienlik meer aandag word egter aan die inhoud van hierdie bundel gegee. Die eerste bespreking was dié van M.S.B. Kritzinger (1951) uit 1929, wat die bundel onder meer verwelkom op grond daarvan dat Marais “histories in ons letterkunde 'n vername posisie inneem”. Volgens hom het 'n groot deel van die bundel sy waarde te danke aan die geskiedkundige temas wat die skrywer daarin behandel. Van hierdie sketse is “uiters interessant. Die skrywer is 'n goeie verteller.” Met die volgende opmerking het Kritzinger (1951: 67) daartoe bygedra om by die leserspubliek die beeld te vestig van Marais as iemand wat 'n besondere kennis van die natuur het:

Ek glo nie dat daar by ons nog iemand is wat die natuur soos Marais ken nie. Gedurende sy verblyf in Waterberg het hy allerhande waarnemings gedoen en die wetenskaplike sin en vernuf waarmee hy sake verklaar, sal altyd die liefhebber van ons natuur en dierewêreld boei.

Die drie Afrikaanse literatuurgeskiedskrywers het ook enkele opmerkings oor die bundel gemaak. Vir Antonissen (1973: 93) is die tekste “verhale, waarin Marais reeds oorfloedig sy voorliefde vir die geheimsinnige gebeurtenisse openbaar”. Dit kondig die lang reeks kortverhale, vertellings en nouvelles aan wat Marais vanaf 1927 in die media gepubliseer het. Dekker (1974: 122) wys in sy bespreking op die “interessante vertellings uit die geskiedenis van die inboorlinge en ligte sketse, met geestige tipering, uit die boerelewe”. Volgens hom beskik Marais ook oor “'n aangename, helder styl”. Kannemeyer (1984: 232) sonder twee verhale in die bundel uit: “Twee dapper Afrikanermeisies”, die verhaal oor Rachel de Beer, en die geskiedenis van “Modjaje”, waarop A.G. Visser die gedig “Sneeuwitjie” (in *Die purper iris en ander nagelate gedigte*, 1933) en G.H. Franz die drama *Modjadje*

(1957) gebaseer het.

Net soos al die ander resensente van die bundel gee W.E.G.L[ouw] (*Die Burger*, 21.5.1965) in sy bespreking van 'n *Paradys van weleer en ander geskryfte* veral aandag aan die vyf hoofstukke onder die titel "Die siel van die aap" (kyk 6.5). Louw het baie waardering vir Marais se skryfvermoë. By 'n vriend wat Marais in Pretoria geken het, het hy gehoor van die uitsonderlike omstandighede waaronder die werk ontstaan het. Hy gaan voort:

As 'n mens verneem presies in watter omstandighede dié stukke geskryf is – gewoonlik êrens in 'n koffiekamer, in kort, helder ure tussen dae en nagte deur waarin hy heeltemal onder die invloed van verdowingsmiddele was, en, as dit nie anders kon nie, selfs 'op die steen' in die drukkery, terwyl die setters op hom wag – kan jy jou alleen daaroor verbaas dat hy nog só helder, indringend en boeiend kón skryf.

Slegs iemand vir wie meesterskap van die taal 'n dermate vanselfsprekende vaardigheid was, dat hy dit kon hanteer soos 'n ander mens sou asemhaal, eet of stap, d.w.s. moeiteloos en sonder om bewus na te dink, is m.i. tot so iets in staat!

Ander resensente lê ook klem op die vaardigheid waarmee Marais geskryf het. Volgens S. Strydom (1966) is Marais se artikels oor slange meer populêr-wetenskaplik van aard as sommige van die ander artikels in die bundel. Hoewel Marais gebruik gemaak het van navorsing en proefnemings, verhelder hy "sy bevindings met persoonlike ervarings en vertellings van ou inwoners en goeie vriende. Hierin lê die bekoring van die werk – die wetenskaplike aanbod is daar, maar is so leesbaar en interessant gemaak vir die gewone leser." P.G. du Plessis (*Sondagstem*, 16.5.1965) is van mening dat sommige van die teorieë wat in die bundel verkondig word vandag seker verouderd sal kan heet, maar die stukke is "nagtans 'n goeie voorbeeld van die beste joernalistiek wat ons nog in Afrikaans kon lees". F.I.J.v.R[ensburg] (*Die Volksblad*, 5.8.1965) het onder meer waardering vir die "mooi outydsheid" in die stukke. "n Mens kan 'n hele gees soms in 'n enkele fasetjie [sic – JLM] betrap. Dit is vir my bv. die geval met so 'n onbeduidendheid soos Marais se aanspreekvorme."

Die publikasie van *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* deur Tafelberg in 1968, 32 jaar na Marais se dood, is as groot nuus beskou. Die werk self en die keurige uitgawe is oorwegend positief ontvang en as 'n belangrike toevoeging tot Marais se oeuvre beskou. Hoewel dit volgens Chris Barnard (*Die Beeld*, 8.12.1968) duidelik is dat Marais *Die skepbekertjie* nie as 'n ambisieuse poging bedoel het nie, "openbaar Marais hom weer eens as buitengewone en begaafde mens". Barnard slaan veral Marais se navorsing hoog aan:

Hier het hy dit vlugtig oor 'n agttal voëlsoorte. Maar die swerm feite wat hy hier in so 'n kort bestek en somer in die verbygaan noem, laat 'n mens verstom wonder hoeveel geduldige dophou-ure dit hom moet gekos het om dié kennis te bekom.

Die mededeling wat hy te maak het oor die koester se wegekruiptaktieke, oor die geelvink se nesbou-metodes, oor die redes waarom 'n vinkpaar ses of sewe neste sal bou om dan net een te gebruik, oor die bleshoender se fopspeletjies om haar kuikens te beskerm – dit is kennis wat net die ervare, toegewyde en uiters geduldige waarnemer sou kon versamel.

P.D. van der Walt (1969: 44) beskou *Die skepbekertjie* as 'n "juweeltjie" en het veral waardering vir die wyse waarop Marais die interessante feite aanbied, hoewel hy die illusie wek dat dit 'n opmerksame plaaskind se mededelings is. Die leser is "waarderend bewus van die pragtige eenvoud van taal en vormgewing eie aan die kunstenaar Marais. Daarby dat hier 'n natuurkenner en natuurliefhebber by uitnemendheid aan die woord is." Te oordeel aan Van der Walt se bespreking het Marais daarin geslaag om 'n "dubbele rol" te speel: "Dit is 'n boekie vol leesvreugde vir die fynproewer, of jy grootmens is of kind [...]".

Volgens Elize Botha (1980: 109) sit Marais in *Die skepbekertjie* "die masker op van die skrywende kind". Die sukses van die besluit om soos 'n kind te skryf, blyk veral uit die "informatiewe verloop van die opstel" waarin die vlaktevoëls en die voëls by die panne naby die huis noukeurig beskryf word. Botha wys ook op die verrassende openingsin ("As 'n vreemdeling by ons aankom, sal sy eerste woord wees: Hier is seker glad g'n voëltjies nie", p. 7) waarin skyn teenoor werklikheid gestel en as 'n motief in die opstel ingelei word. Die teenstelling tussen skyn en

werklikheid het die gevolg dat 'n "ander werklikheid" – dié anderkant die skyn – ontdek word. Botha wys ook op die dramatiese vormgewing en hoedat die verdwyntema in die opstel telkens weer terugkeer. Die "vervlugtigende van die kosbare oomblikke van waarneming" kry deurgaans 'n sterk aksent. Die "tekens van literatuur" in *Die skepbekertjie* kan gemerk word aan "n sekere patroon wat ons in die voorstellingswyse kon onderskei, 'n deurlopende en wesentlike dramatiese teenstelling tussen skyn en werklikheid, tussen wat sigbaar is en onsigbaar. [...] Dit gee 'n sekere veelduidigheid aan die opstel; literêre vormgewing is altyd, in die letterlike sin van die woord, veel-seggend."

Die enigste negatiewe bespreking van *Die skepbekertjie* is dié van F.I.J. v. R[ensburg] (*Die Volksblad*, 17.4.1969). Volgens die resensent het die teks selfs as opstel "nie veel om die lyf nie, by alle fyn waarneming en beskrywing wat 'n mens byna nie anders kan as om van so 'n eersterangse waarnemer soos Marais te verwag nie. Die stuk is 'n bietjie ongebalanseerd van opbou, en eindig asof dit nog nie heeltemal klaar is nie." Die resensent vervolg deur te sê dat die opstel "hoogstens in 'n tydskrif tuishoort, of moontlik in 'n bundel natuurverse, waar dit 'n sekere beskermde bestaan sal hê". Dit is volgens hom ook jammer dat die spelling in die opstel gemoderniseer is en dat dit nie in die oorspronklike skryfvorm verskyn het nie.

In die resepsie van die publikasies wat in hierdie afdeling bespreek is, is die klem veral op die literariteit van die verskillende tekste geplaas. Die wetenskaplikheid van die tekste word nie noodwendig ontken of geïgnoreer nie, maar letterkundige resensente beskou hulle óf nie as opgewasse om oor die wetenskaplike waarde van die publikasies te oordeel nie óf hulle lê juis die klem op die literêre waarde van die tekste. Botha (1980: 109) gee 'n goeie verklaring vir hierdie toedrag van sake:

Die hardnekkige letterkundige wat behoort tot 'n tradisie van veertig jaar gelede, toe 'n Afrikaanse boek en seker dié wat in soortgelyke verhalende trant aangebied is soos *Burgers van die berge* en *Die siel van die mier*, en dan nog geskryf deur 'n man wat so uitdruklik 'n literêre reputasie gehad het, toe só 'n Afrikaanse boek volgens konvensie as 'letterkunde' beskou is – hy gee nie maklik hierdie besit aan die etologie, aan die dierkunde, of welke

dissipline uit die 'ander fakulteit' ook al vandag dié werke met 'n oorweldigende waardering vir hulle toe-eien, prys nie.

Hierdie uitspraak geld natuurlik ook ten opsigte van Marais se wetenskaplike prosa wat in hoofstukke 5 en 6 bespreek is. Dit verklaar ten minste gedeeltelik die baie aandag wat letterkundiges aan Marais se besondere skryf- en vertelvermoë gegee het en die opvallende skeiding tussen literatuur en wetenskap in al die resepsieverslae waarna in hierdie afdeling verwys is.

## 7.6 Wyse van aanbieding

Die meeste van die tekste wat in hierdie hoofstuk vermeld word, het oorspronklik as artikels in 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte verskyn (kyk 7.3). Dit blyk ook dat die vorme waarop Marais besluit het om sy werk in te giet sekere ooreenkomste toon. Daar is byvoorbeeld op die oog af nie 'n groot vormlike verskil tussen die tekste oor droogte, slange, antropologiese onderwerpe en voëls nie, aangesien die meeste van hulle as sketse of as essays getipeer kan word. Die aard van sy geskrifte oor voëls word vervolgens van naderby bekyk.

Daar is geen aanduiding dat Marais ooit voëls so intensief soos termiete of bobbejane bestudeer het nie. Ten spyte hiervan is daar 'n hele aantal tekste wat op 'n intense belangstelling in hierdie onderwerp dui of, moontlik nader aan die waarheid, aantoon hoe omvattend Marais se belangstelling in die natuur was. By geleentheid het Marais (1965b: 129–130) pertinent sy waardering vir voëls uitgespreek:

Ek glo nie dat daar een ding in ons organiese omgewing is wat ons die meer tere, die meer sagte aspek van die natuur laat besef as voëls nie; blomme en voëls, maar meer bepaald voëls, omdat die verband tussen ons en hulle nouer is as tussen ons en die plantewêreld. Daar is dieselfde soort lewe en dieselfde psige. Die verskil is in graad, nie in wese nie.

Marais se tekste wat spesifiek oor voëls handel, is “Die heuningvoëltjie” (in



*Natuurkundige en wetenskaplike studies*),<sup>22</sup> “n Voëlparadys” (in *Die mielies van Nooitgedacht*) en “Kan die voëls vir ons droogte en reën voorspel?” (in *'n Paradys van weleer*).<sup>23</sup> Die belangrikste teks oor voëls in Marais se oeuvre is egter waarskynlik *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b). Voordat laasgenoemde van naderby beskou word, word kortliks aandag aan eersgenoemde drie tekste gegee.

In “Die heuningvoëltjie” skryf Marais (1984: 208) oor die bewering dat die grootheuningwyser (*Indicator indicator*) “sy menslike agtervolger na slange en ander roofdiere lei”. As ’n bewys hiervan beskryf Marais die keer toe drie swartmense van die plaas Rietfontein een môre gaan bye uithaal het. Om die bynes te kon opspoor, het hulle op die hulp van die grootheuningwyser staatgemaak. Die seun het, nadat hy uit die greep van ’n luislang gered is, vertel “dat die heuningvoël by ’n kol gras begin duik het – die gewone manier om ’n bynes aan te wys. Toe hy vinnig daarheen loop, val hy oor die slang, en meteens is hy gegryp” (p. 210).<sup>24</sup>

Uit ’n wetenskaplike oogpunt gesien, het Marais in die grootheuningwyser belanggestel omdat die voël vir hom van besondere belang in die vergelykende sielkunde was:

In der waarheid bestaan daar buite die primateklas geen interessanter diertjie nie – en dit om die volgende rede: in die hele organiese wêreld is daar geen bekende geval waar so ’n hoogs ontwikkelde instink onlangs ontstaan en oorerflik in die geslag geword het nie – ongetwyfeld geen instink wat met die mens, die aartsvyand van alle lewende dinge, in maatskappy beoefen word nie (p. 208).

In “n Voëlparadys” skryf Marais (1984: 404) veral oor oom Dirk, “n Afrikaner-diereliefhebber met wie ek self ’n paar jaar gelede kennis gemaak het en wat by my meer verwondering gewek het as enige merkwaardige ding wat ek ooit in my lewe gesien het”. Die teks, wat op grond van die staties beskrywende aard daarvan as ’n skets<sup>25</sup> beskou kan word, gee ’n noukeurige tipering van hierdie enigmatiese karakter wat Marais op “n plaas in die groot Middelgebergte van Waterberg” leer ken het waar hy “by die ingang van ’n klein klofie bekend as Geelhoutgrag” (p. 405) vir hom ’n huis gebou het. Soos ’n Franciscus van Assissi

(kyk Rousseau, 1984c: 234) het oom Dirk voëls en selfs klipbökkies na hom toe aangelok. Oom Dirk se eie uitleg vir sy wonderlike mag oor die voëls was soos volg:

‘Ek hou baie van diere. Dit laat my noukeurig oplet. Ek weet wat hulle liefhet en wat hulle haat. Ek weet hoe hulle in gegewe omstandighede sal handel, en dan handel ek ooreenkomstig my kennis’ (p. 408).

Die artikel “Kan die voëls vir ons droogte en reën voorspel?” (in *’n Paradys van weleer*) het in die sfeer van Marais se geskrifte oor die droogte van 1933 ontstaan. Hierin skryf hy oor twee bokmakeries (*Telophorus zeylonus*) wie se gedrag by drie geleenthede vir hom daarop gedui het dat hulle van ’n komende storm bewus was. Elke keer het hulle voor die storm in ’n aalwyn (of “aleweeboom”) gaan skuil terwyl die mense van die plaaswoning nog nie van die storm geweet het nie.<sup>26</sup>

Soos reeds aangedui, het Marais volgens die “Aantekening”<sup>27</sup> voor in *Die skepbekertjie* hom tydens die skryf van die opstel as ’n leerling voorgedoen wat oor die voëls van die plaas Witklip in die distrik Bronkhorstspuit ’n opstel vir een van die wedstryde van *Die Boerevrou* skryf. Daar is geen aanduiding dat Marais ná die skryf van die opstel geprobeer het om die teks weer as sy eie toe te eien en om dit self in een of ander gedaante te publiseer nie.<sup>28</sup> Hy het hom as ’t ware as ’n kind voorgedoen en dit ook so vir die leser laat klink. Deur hierdie rol te speel, het Marais ’n teks nagelaat wat in die gesprek oor literatuur en wetenskap besonder boeiend is.

Dat die teks wat hy namens “iemand anders” geskryf het as sodanig aan Marais se outeurskap toegeskryf kan word, hoef nie hier verder beredeneer te word nie. Enkele opmerkings oor hoe Marais as outeur op grond van die titelkeuse “herkenbaar” word, kan wel van pas wees. Die titel is naamlik ontleen aan ’n anekdote oor hoe moeilik dit is om die koestertjies se “nessies te kry as jy hulle nie baie goed ken nie” (p. 9). Die anekdote roep Marais se ander geskrifte oor Boesmans en antropologiese temas op, sodat ons as ’t ware sy vingerafdruk herken. Die betrokke gedeelte lui soos volg:

Dit laat my altyd dink aan die verdwyn-fonteintjie waar ons ou Boesman van vertel: ’n kristalhelder koue fonteintjie onder die krans – net ’n klein holte in

die rots vol water. Maar as jy warm en dors is, dan moet jy die fonteintjie bekruip, plat op jou maag seil met die skepbeker in die hand. Soos jy naby genoeg is, moet jy met een swaai die beker vol skep; want as jy die minste geraas maak, verdwyn die water soos 'n dassie onder die krans! Dit lyk of die koesternessie hom ook onsigbaar kan maak (pp. 9–10).

Die vraag na watter “plek” *Die skepbekertjie* in Marais se oeuvre inneem, kan op verskillende maniere beantwoord word. Ten eerste kan ons probeer om vas te stel waar hierdie teks tussen die moontlike uiterstes van die sogenaamde “suiwer literatuur” en die “suiwer wetenskap” geplaas kan word. As ons argumentshalwe aanvaar dat die gedig “Winternag” in Marais se oeuvre 'n voorbeeld is van 'n teks waarvan die literariteit hoegenaamd nie bevraagteken hoef te word nie, kan ons sê dat 'n teks soos “Slanggif” in *Natuurkundige en wetenskaplike geskrifte* moontlik 'n artikel of essay verteenwoordig wat die naaste aan 'n suiwer wetenskaplike teks is. Uit die titel wat Marais aan laasgenoemde bundel gegee het, is dit duidelik dat hy inderdaad so 'n bedoeling met die geskrifte in dié versameling gehad het.

Om te kan oordeel watter plek *Die skepbekertjie* op hierdie kontinuum inneem, moet 'n aantal kwessies aan die orde gestel word. Die aanbieding van die teks as sou dit oënskynlik deur 'n kind vir kinders geskryf wees, hoef nie die wetenskaplikheid of wetenskaplike waarde daarvan te relativeer of selfs in die gedrang te bring nie. Daar is immers heelparty voorbeelde van tekste in die wêreldliteratuur wat deur die voorste wetenskaplikes op 'n toeganklike manier vir jong lesers en/of 'n wye leserspubliek geskryf is.<sup>29</sup> *Die skepbekertjie* is nes *Dwaalstories*, waarna Kritzinger (1951: 66) by geleentheid as “veral vir kinders bedoel” verwys het,<sup>30</sup> egter nie noodwendig uitsluitlik vir die jong leser geskryf nie.<sup>31</sup> Dit blyk uit die resepsie van *Die skepbekertjie* (kyk 7.5) en die teks self dat hier 'n veelkantige prosawerk tot stand gekom het, wat op verskillende vlakke gelees kan word.

Wat die literariteit van die teks betref, kan op verskillende sake gewys word. Een hiervan is die rol wat Marais as skrywer speel of die masker wat hy opsit deur hom as 'n “skrywende kind” (Botha, 1980: 109) voor te doen. Die sukses van die onderneming blyk onder meer uit die sorg waarmee die voëls op die plaas beskryf word. Altesaam 14 uit die 28 bladsye waaruit die teks bestaan, word gewy aan “die

vlakgebewoners wat oor die Hoëveld versprei is” (p. 8) en wat op die plaas voorkom. Die res van die teks word aan die watervoëls by die Groot Pan en die Klein Pan op die plaas gewy. Veral deur die wyse waarop taal en die essayistiese vormgewing gehanteer word, kom ’n veelduidige taalkunswerk tot stand. Later meer hieroor. Met die beskrywing van die waterhoenders en die wildemakou eindig die gedeelte oor die watervoëls en die teks in sy geheel egter enigszins onverwags asof Marais nie lus was om verder te skryf nie.<sup>32</sup>

Wat die wetenskaplikheid van die teks betref, kan gewys word op die noukeurigheid waarmee die skrywer oor sy waarnemings verslag doen. Daar word oor altesaam agtien voëlsoorte geskryf, wat almal as afsonderlike spesies met unieke kenmerke en gedrag voorgestel word. Neem as voorbeeld die vier soorte koesters<sup>33</sup> wat Marais gesien en beskryf het. Nog ’n voorbeeld is die noukeurige beskrywing van die wyse waarop die vink sy nes bou, wat ’n goeie voorbeeld van sowel Marais se waarnemings- as beskrywingsvermoë is. “Dit is die moeite werd om dit van naby te bekyk, want die voëltjie moet baie verstand gebruik om dit reg te kry” (p. 15).

Marais beskryf nie net hoe die vinkmanneltjie- en wyfie die nes sorgvuldig bou nie. Hy gaan selfs verder: hy bied sy eie gevolgtrekking of teorie aan waarom hy dink dat die vinke tot ses neste bou voordat hulle tevrede is daarmee en hulle eiers lê, want as daar “so ’n vas gewortelde gewoonte by ’n voëltjie is, dan moet daar ’n goeie rede voor wees” (p. 17). Marais skryf soos volg oor die vinke se baie neste:

Wie weet hoeveel hongerige oë nie op die loer is nie van dat die vink die eerste grassie bind: sluipmoordenaars wat geduldig die plek oppas totdat die nes klaar sal wees en die eiers gelê. Daar moet ontelbare roofdiertjies gefop word deur die gewoonte van die voëltjies om ses nesses te bou en net in een eiers te lê! Ek dink ook aan die beskerming wat dit aan die ras verskaf dat net een uit ses nesses eiers in het – dit is omtrent waar die gemiddeld op uitkom. Dink aan die rolvarkie wat met uiterste moeite en miskien ’n uur harde werk uiteindelik ’n dik riet plat kry om ’n dowe nessie te kry as bekroning van sy arbeid. Meer as vier riete in een nag kan hy skaars klaar kry, en sy kans is altyd ses teen een dat hy teleurgestel word (pp. 17–18).

In die deel van die teks wat oor die watervoëls van die Klein Pan en die Groot Pan handel, word beskryf hoe die bleshoender sy nes bou. Die beskrywing, wat as 'n analoë of parallelle voorbeeld beskou kan word naas die beskrywing vroeër in die teks van die vinkmannetjie se nesbouery, lui soos volg:

Die bleshoender bou sy nes van riete wat hy met sy skerp bek onder die oppervlakte van die water afsny. Hy pak hulle oorkruis totdat hy 'n lomp opgestapelde hoop het wat half op die water dryf en half op die watergras en biesies rus. Die hele ding lyk vreeslik onveilig. Met die minste druk is alles onder water. Seker moet die eiers dikwels nat word, want die bleshoender doen die minste moeite van al ons watervoëls om sy nes van vere te voorsien ... (p. 27).

As die hedendaagse leser in *Die skepbekertjie* klein foutjies opmerk, hoef dit nie die geloofwaardigheid van die teks enigins aan te tas nie. Dit bied ons immers 'n blik op die vlak van wetenskaplike kennis waartoe Marais en ander voëlkykers van die 1920's in staat was, en bowenal 'n blik op 'n era voordat Afrikaanse voëlname gestandaardiseer is. Dit blyk onder meer uit die volgende volksname wat in die teks voorkom: "groen spreeu" (p. 8) in plaas van (moontlik) "kleinglansspreeu" (*Lamprotornis nitens*), "rooiborskalkoentjie" (p. 11) in plaas van "oranjekeelkalkoentjie" (*Macronyx capensis*) en "Europese cormorant" (p. 24) in plaas van "witborsduiker" (*Phalacrocorax carbo*). Die meeste van die voëlname in *Die skepbekertjie* is in elk geval nie die volksname wat mettertyd aanvaar en deur voëlgidse soos Kenneth Newman se *Newman se voëls van Suider-Afrika* (1997) en Gordon Lindsay Maclean se *Roberts' birds of Southern Africa* (1985) gepopulariseer is, wat tot die algemene gebruik daarvan bygedra het nie.<sup>34</sup> Die noukeurigheid van Marais se waarnemings word egter nie hierdeur in die gedrang gebring nie.

Marais gebruik in *Die skepbekertjie* verskillende metodes om die teks so oortuigend moontlik te maak. Ten eerste word 'n tema gekies wat waarskynlik geskik sou wees vir die lesers van 'n tydskrif soos *Die Boerevrou*, naamlik voëls, waarvan die meeste mense wat op plase woon in meerdere of mindere mate kennis sou dra. Hy kies verder ook 'n omstrede onderwerp vir die geïntendeerde "plaasleser", naamlik die onoordeelkundige uitroei van voëls deur hulle te vergiftig;

'n praktyk waaraan sommige boere (en dus moontlik ook lesers van *Die Boerevrou*) skuldig sou wees. Een van die afleidings wat hieruit gemaak kan word, is dat Marais die essay inderdaad vir 'n bepaalde groep lesers geskryf het. Deur homself as 'n kind voor te doen, het Marais moontlik selfs gehoop om sy boodskap aan die boeregemeenskap meer trefkrag te gee. Sal die grootmense nie miskien liever na die stem van 'n kind luister nie?

Marais stel die voëls in hulle uniekheid as karakters aan die leser voor. Dit dra daartoe by om die skeptiese vreemdeling se opmerking aan die begin van die essay, naamlik "Hier is seker glad g'n voëltjies nie" (p. 7), oortuigend te beantwoord. Daar is inderdaad voëls en elkeen van hulle beskik oor unieke gedrag (soos die geelbekeende) om hulle kleintjies teen gevare te beskerm en te oorlewe. "[A]s 'n mens voëltjies liefhet, dan leer jy om hulle raak te sien waar hulle byna onsigbaar is, en gou leer jy ook al hulle gewoontes en manier van lewe" (p. 7).

Voorts maak die verteller die leser betrokke deur hom of haar te oorreed om 'n standpunt teen die vergiftiging van vinke deur boere in te neem. Die betrokke gedeelte staan sentraal, min of meer in die middel van die teks. Die skrywer maak van besonder sterk woorde gebruik om die afkeurenswaardigheid van die optrede deur die boere te beskryf. Volgens hom "word die vink meer gehaat as elke ander wilde voël in ons land" en bars die boer in "woede" teen die vernielers uit (p. 19). Die gewetenlose boere besef egter nie dat "elke paar vinke meer as tien duisend goggas dood, waarvan die meeste toekomstige vernielers en kwaaddoeners is" (p. 19) nie en roei hulle op 'n wrede manier uit. Die skrywer se afkeer van hierdie praktyk blyk duidelik uit die volgende uittreksel:

Jy hoor dikwels van die vreeslike verwoesting wat die goggas aan die boerdery veroorsaak. Hier by ons gebeur dit meestal in die streke waar mense die gruwelike en onmenslike misdaad begaan om die vinke met strignien te vergewe! Nooit kan die mens so 'n misdaad teen die natuur pleeg sonder dat die natuur hom wreek nie. Dink net, om die vrolike, weerlose goedjies op so 'n wrede manier uit te delg. Waarlik, vergewe van voëltjies is iets waar die volk teen behoort te protesteer (pp. 19–20).

Die skrywer veronderstel dat die leser hierdie standpunt gunstig sal oorweeg

omdat daar soveel interessante en nuttige dinge in verband met voëls in die teks meegedeel word. Die deel oor die vergiftiging van die vinke volg ook direk na die beskrywing van die manier waarop hulle hulle neste bou en wat erkenning gee aan hoe “slim” hulle is.

In die gedeelte van *Die skepbekertjie* waar 'n ondubbelsinnige standpunt teen die vergiftiging van die voëls ingeneem word, is daar ook 'n belangrike wending: die masker wat die outeur vir homself opgesit het, begin afskuif. Marais staan nou as 't ware “sonder vermomming [...] in die volle gloed van sy opinies voor ons” (Botha, 1965: 7). Anders as in die eerste deel van die teks en die deel hierna oor die watervoëls “klink” dit selfs nie meer asof dit 'n kind is wat hier aan die woord is nie. Die stem wat hier aankla en protesteer, maak immers van sterk woorde gebruik wat baie verskil van die koesterende en liefderyke taalgebruik waarmee die voëls elders in die teks beskryf word.

Onder meer uit hierdie standpunt teen die vergiftiging van die voëls word die essayistiese karakter van hierdie teks opvallend. Daar is ook 'n verdere kenmerk van die essay, naamlik die “oorheersende *lewenshouding*” (Botha, 1965: 8; beklemtoning van die skrywer), in die teks te vinde. Die skrywer van *Die skepbekertjie* beklemtoon dat “as 'n mens voëltjies liefhet, dan leer jy om hulle raak te sien” (p. 7). As 'n mens hulle raaksien, is jy ook in staat om hulle in hulle verskeidenheid te leer ken en te waardeer. Dan sal die vergiftiging van voëls vir jou nie aanvaarbaar wees nie, want jy sal weet dat hulle nie net skade doen nie. Sodoende kom daar in die teks 'n betekenisvolle “*beskoulige element*” (Botha, 1965: 8) in verband met die saambestaan van mens en dier en die uniekheid en sin van elke deel van die skepping tot stand.

Getrou aan die wese van die essay probeer Marais byna sonder uitsondering om nie die onderwerp uit te put en “die laaste woord” te spreek nie. *Die skepbekertjie* eindig selfs letterlik enigsins “onaf”. Oor die essay, wat 'n diskoers is oor 'n onderwerp wat daardie onderwerp nog lank nie uitput nie, skryf Botha (1965: 7) soos volg:

En dit is ook so dat ons merendeels by die lees van 'n essay die indruk kry dat dit geen wetenskaplike betoog kan of wil wees nie, maar slegs 'n baie persoonlike visie op die betrokke onderwerp.

Behalwe vir *Die skepbekertjie* geld hierdie tipering ewe seer ten opsigte van talle van Marais se ander tekste. Sy essays is inderdaad nie bloot wetenskaplike betoë nie, al is daar ook noukeurige waarnemings en 'n duidelike voorneme om 'n bydrae tot wetenskaplike gesprekvoering oor bepaalde onderwerpe te lewer. Dikwels kom hy “in die volle gloed van sy opinies voor ons te staan” (Botha, 1965: 7). In sketse soos “n Voëlparadys” is hierdie beskoulike elemente nie so prominent nie. Tematiese ooreenkomste is daar wel, soos die voëls waaroor Marais ook in 'n aantal ander tekste skryf wat in hierdie afdeling ter sprake gebring is. 'n Waterdigte genreonderskeid tussen die tekste is vanselfsprekend nie wenslik nie. Talle van Marais se tekste oor wetenskaplike onderwerpe neem dus min of meer êrens op die kontinuum tussen die uiterstes van die sogenaamde “suiwer literatuur” en “suiwer wetenskap” hulle plek in. Om hulle “ten volle” te waardeer, behoort die leser ideaal gesproke van sowel hulle literariteit as wetenskaplikheid bewus te word.

Deur literatuur en wetenskap te kombineer, lewer Marais in sy sogenaamde ander wetenskaplike prosa in die algemeen en in sy wetenskaplike prosa oor voëls in die besonder 'n opmerklike bydrae. Die volgende woorde in Leonard Lutwack se *Birds in literature* (1994: 254) is van toepassing op Marais se tekste oor voëls wat hier bespreek is:

No doubt literature cannot do as much as Audubon<sup>35</sup> wanted from his idol, but creative writers drawing on a rich store of literary antecedents, as well as adding new insights to meet present needs, may help to keep alive the sensitivity that is absolutely essential in the conservation of wildlife and natural beauty.

## 7.7 Betekenis

Een van die belangrikste betekenis van Marais se ander wetenskaplike prosa is die suksesvolle wyse waarop hy gedurende die eerste drie dekades van die twintigste eeu oor 'n verskeidenheid wetenskaplike onderwerpe vir 'n wye leserspubliek geskryf het. Die literêre waarde daarvan het by meer as een geslag



letterkundiges erkenning gekry (kyk 7.5), al kan nie een van die tekste met Marais se beste bellettristiese prosa vergelyk word nie (kyk hoofstuk 4). Hierdie tekste wou immers nie net, of in eerste instansie, literatuur wees nie.

Oor Marais se bydrae as wetenskaplike in die algemeen skryf Erik Holm (1988: 269) binne die konteks van sy spesialis-generalis-model<sup>36</sup> soos volg:

Die waarde van sy bydrae is generalisties: 'n wye oorsig oor 'n verstommende verskeidenheid van feite en waarnemings, met die vermoë om hulle aan sinvolle idees te koppel.

Sy tekortkominge is van tweërlei aard: eerstens die onverskilligheid teenoor rigourieuse toetsing en gedetailleerde stukwerk (wat inherente swakhede van die generalis is) en tweedens sy onvrugbare pogings om homself as empiriese spesialis te kamoefleer. Aan hierdie kamoefleringspogings, wat sekerlik vererger is deur sy intellektuele vereensaming en sosiale onaanvaarbaarheid, kan ons sy somtyds bombastiese styl en terminologie, sy insinuasies oor gesofistikeerde kennis en eksperimente waaroor hy nie beskik het nie, en selfs sy enkele oordrywings, toeskryf.

Marais het inderdaad nie oor een van die onderwerpe wat in hierdie hoofstuk bespreek is lank en uitgebreid formele navorsing gedoen nie. Op geeneen van die terreine was hy 'n spesialis of dié kenner nie. Hy moes immers sy “navorsing” self inisieer en “uitvoer”. Toegang tot befondsing, hulp met vervoer, infrastruktuur soos 'n laboratorium en administratiewe ondersteuning vir sy navorsing en sy navorsingsuitsette het hy nie gehad nie – alles min of meer vanselfsprekendhede vir die hedendaagse Suid-Afrikaanse M.Sc.-student wat veldwerk oor een of ander onderwerp vir sy of haar verhandeling wil gaan doen!

Maar die hulp wat Marais moes ontbeer, het daartoe bygedra dat hy in nuwe rigtings gestuur is. In plaas daarvan om dooie diere te dissekteer en hom toe te lê op iets soos die taksonomie het Marais sy aandag na die gedrag van lewende diere gewend en daarmee erns gemaak. Daarom kon hy soveel interessante waarnemings oor slange en voëls maak en ingelig oor hulle skryf. Aangesien Marais klaarblyklik maklik met ander mense oor die weg gekom het (anders as wat Holm beweer), het hy goed bevriend geraak met talle wat naby aan die natuur gelewe en vir hulle

oorlewing op kennis van die natuur staatgemaak het. Baie van hulle was pioniers in 'n era toe wetenskaplike kennis oor onder meer voëls nog nie algemene kennis was nie. Dat Marais uiteindelik oor omvangryke plaaslike kennis (kyk Geertz, 1993) beskik het, blyk onder meer uit sy geskrifte oor antropologiese en argeologiese onderwerpe. Eers aan die einde van die twintigste eeu sou plaaslike kennis erkenning kry as 'n volwaardige vorm van wete en ernstig aandag begin geniet.

Die onderwerpe waaroor Marais geskryf het, was nie vreemd aan die ervaringswêreld van 'n groot deel van sy leserspubliek, wat nog sterk bande met landelike gebiede gehad het nie. Baie van sy lesers kon hulle wêreld daarom waarskynlik in sy tekste gespieël sien en/of verklarings kry vir verskynsels en antwoorde op vrae wat hulle nie self kon beantwoord nie. Sodoende het Marais onteenseglik 'n didaktiese rol gespeel. *Die Huisgenoot*, waarin baie van sy artikels die eerste keer verskyn het, was nie verniet bekend as “die arm man se universiteit” nie. As generalis was Marais ideaal toegerus om in hierdie konteks as populariseerder van sy wetenskaplike kennis en waarnemings op te tree. Tydens die groot droogte van 1933 kon hy byvoorbeeld op die aktualiteit van die dag inspeel en boeiend daaroor skryf, al was sy siening oor onder meer die uitdroging van die aarde nie heeltemal in die kol nie. Ten spyte van tekortkominge waarop Holm hierbo tereg wys, het Marais se publikasies oor baie dekades die leser uitgenooi om saam te praat oor die wetenskap en om met sy eie storie vorendag te kom.

Soos in 3.4 aangedui, is afsonderlike spesies die eerste keer gedurende die agtiende eeu deur die Sweedse plantkundige Carolus Linnaeus benoem. Die “lys” van voëls waaroor Marais in “Die skepbekertjie” skryf en die betekenis wat hy aan elke individuele spesie se gedrag heg, wys dat die twintigste-eeuse (bellettristiese) skrywer nie meer na willekeur oor verskynsels in die natuur en die gedrag van diere kon skryf nie. Onder meer om hierdie rede verskil Marais se werk van dié van vroeëre skrywers wat nie so “ingelig” en met soveel “gesag” oor voëls kon skryf nie. Marais hou in sy essays oor wetenskaplike onderwerpe en in sy bellettristiese prosa deeglik en krities met wetenskaplike waarnemings en ander wetenskaplikes se idees rekening. Om dit te ignoreer, sou vir hom as 't ware “an act of literary cowardice” (Huxley, 1963: 98) wees.

## 7.8 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking het die veelsydigheid van Marais se natuurwetenskaplike oeuvre opnuut geblyk. Dit wil inderdaad voorkom asof hy in die Waterberg min natuurkundige en antropologiese ervarings gehad het waarvan hy nie sy leserspubliek sou wou vertel as die geleentheid hom voorgedoen het nie. Sodoende het Marais sy leserspubliek geïnteresseerd gemaak in 'n tot in daardie stadium enigszins verwaarloosde deel van die land en veral hulle belangstelling in interessante en/of uitsonderlike natuurverskynsels geprikkel. As in aanmerking geneem word dat Marais se geskrifte nie vergete in die oorspronklike koerante en tydskrifte bly lê het nie, maar gebundel is en deur middel van verskeie herdrukke 'n belangrike deel van die Afrikaanssprekende se leeswêreld en -ervaring geword het, is dit duidelik dat sy wetenskaplike prosa 'n bydrae tot algemene geletterdheid en die beskawingspeil van die Afrikaanssprekende gelewer het.

Uit 'n bespreking van enkele van Marais se tekste waarin hy oor voëls geskryf het, blyk dat hy – soos baie ander populariseerders van die natuurwetenskappe – van die essay as medium gebruik gemaak het. Hy gebruik dit selfs in *Die skepbekertjie*, wat hy vir 'n skooldogter geskryf het om vir 'n wedstryd van *Die Boerevrou* voor te lê. Deur ook hoë estetiese maatstawwe in tekste soos hierdie aan homself te stel, het Marais 'n verfynende en beskawende rol in die samelewing gespeel. Sodoende het hy een van die vroegste populariseerders van wetenskaplike waarnemings en kennis in Suid-Afrika geword en sy lesers gehelp om meer ingeligte en intelligente gespreksgenote te word.

## AANTEKENINGE

1. Marais (soos aangehaal in Du Toit, 1940: 170) het sy lewe lank “vreeslik gehou van die idee van opdroog, so lewendig het ek dit voor my gesien dat ek daar opgewonde van geword het”.
2. Marais (1965b: 106) gee aan die begin van die artikel wat op 25 Februarie 1933 in

*Die Vaderland* verskyn het 'n aanduiding van die mate waarin die droogte in die media aandag gekry het:

Dit is in die laaste jare 'n vaste gewoonte geword dat die nuusblaaie omtrent hierdie tyd gevul is met briewe en artikels, almal die weeklaag van 'droogte' voerende. Van alle kante word oorsake en middele, met al die sekerheid van werklike kennis, aan die hand gegee. Vanjaar dreig ook die rekord te slaan wat hierdie briewe betref!

3. In die artikel beweer Marais (1965b: 107) dat die beroemde Franse sterrekundige Nicolas Flammarion (1842–1925) na aanleiding van sý teorie die voorspelling gemaak het dat die aarde besig is om uit te droog “omdat 'n ontsettende hoeveelheid water elke jaar vir ewig verlore gaan, deur opsplitsing van die onderaardse waters in die sentrale vure, en die verdwyning van verdampde water in die oneindige ruimte. Hieruit het hy afgelei dat net soos die planeet Mars en ons maan, die aarde binne berekenbare tyd 'n waterlose en lewelose woestyn sou wees!” Volgens Rousseau (1984c: 459) is Flammarion se teorie egter “heelwat ouer as 1914 en het Marais reeds in die artikel van 1914 daarna verwys”.
4. “Ondergang van die Tweede Wêreld” het op 20, 24 en 27 Mei 1933 in *Die Vaderland* verskyn. In dié futuristiese verhaal oor die uitdroging van die aarde oorleef net enkele mense, waaronder die verteller Willem, die buitengewone vulkaniese uitbarstings wat die aarde beleef. Daar word ook in die verhaal vertel van die teregstelling van swartmense deur 'n leër van twintigduisend gewapende blankes, sodat daar water vir Pretoria kan wees, en hoe 'n jong meisie 'n smekende swartman doodskiet.

L.I. Bertyn (1984) noem dit “een van die min voorbeelde van nagmerrie-literatuur in Afrikaans [...]”. Oor die bloedvergieting van die swartmense kom Bertyn tot die volgende slotsom: “Marais het geen illusie gehad dat die mens genadiger as die natuur sal wees nie.”

Later jukstaponeer Jeanette Ferreira (1989: 16) die skiet van die swartmense in die verhaal met die slagting op Strijdomplein waarby Barend Strydom in 1989 betrokke was. “Is Strydom geleer om swartmense as 'n vanselfsprekende bedreiging van sy voortbestaan te beskou, of was dit instink?”

5. “Van alle Afrika-slange boesem geneen meer gesag in as die berugte Swartmambanie. Op tussen 2,5 – 3,5 m is dit die grootste giftige slang in Afrika en is daar net een groter in die wêreld: die Koningkobra van tropiese Asië” (Patterson, 1987: 91).

6. Doc Immelman (1984) skryf oor die opstand van die Herero’s onder hulle leier Samuel Maharero teen die Duitse oorheersing in die huidige Namibië aan die begin van die twintigste eeu en die tragiese gebeure toe hulle deur die Kahalari gevlug en die meeste van hongers en dors omgekom het. Volgens Immelman (1984: 58) het tienduiseende Herero’s gesterf:

Voor die slag van Waterberg [dié keer in die huidige Namibië! – JLM] was daar 80 000 Herero in Suidwes-Afrika. Aan die einde van 1904 was daar minder as 20 000 oor – hoofsaaklik vroue en kinders, van wie 12 000 in konsentrasiekampe geplaas is.

7. Oor Modjadje II (c. 1800–1895) skryf J.B. de Vaal (1977: 637–638) die volgende:

Daar is baie legendes om haar persoon geweef, onder meer dat sy Blank was. Kommandant Henning Pretorius is in 1892 aan ’n ou vrou, halfblind en stokdoof voorgestel. Sy het ’n lang gesig, ’n spits en effens geboë neus, dun lippe, kortgeskeerde hare, blou oë en ligte gelaatskleur gehad, maar sy was nie Blank nie. Pretorius het geglo dat hy M. werklik gesien het, terwyl andere beweer het dat sy haar suster, wat besonder baie na haar gelyk het, as plaasvervanger gestuur het.

8. In “Oor ’n merkwaardige moordsaak” (in *Spore in die sand*, 1979: 126) skryf Marais oor Egiptiese invloede op die Bavenda:

Wat ek dadelik gevoel het, was dat ek hier te doen had met waarskynlik die enigste Swartvolk in Suid-Afrika wat ’n duidelike verband toon met die ou Egiptiese beskawing van seshonderd jaar voor Christus tot die Romeinse en Griekse verowerings.

Volgens Rousseau (1984a: 1282) is hyself “nie bevoeg om te oordeel oor die

noukeurigheid van Marais se opmerkinge in verband met Egiptiese invloede by die Bavenda nie. Inligting oor die Bavenda lyk skaars.” Dit is nietemin moontlik om vandag meer helderheid oor hierdie uitsprake van Marais te kry. Die volgende inligting in S.P. Jordaan en A. Jordaan (1987: 12) oor die Lemba-stam wat tussen die Vendas woon, laat ’n mens naamlik vermoed dat Marais eintlik oor die Lemba in die besonder geskryf het en nie oor die Venda in die algemeen nie:

Oor die herkoms van die Lemba is daar al baie gegis. Hulle het fyn besnede gelaatstrekke en het sekere Semitiese gebruike, so eet hulle byvoorbeeld nie varkvleis nie en slagdiere moet volgens die kosjermetode geslag word, met ander woorde, die dier moet ontbloed word nadat dit geslag is. Die Lemba het hul eie tradisies en kulturele opvattinge behou. Aangesien hulle hul eie identiteit wil bewaar, trou hulle nie sommer met lede van die ander Vendastamme nie. In die verlede was hulle bekend as die ystersmelters en pottebakkers van Venda. Ten spyte van hulle verskille in tradisies, woon die Venda en Lemba broederlik saam.

9. Marais (1984: 376) skryf soos volg oor die “Waterbergse ‘Vaalpense’”:

Die Vaalpens word beskrywe as ’n suiwer, swart dwerg met peperkorrels en naturellegelaatstrekke, maar met die maniere en geaardheid van ’n Boesman. Hy het die bosveld van Noord-Transvaal bewoon en het spoedig vir die grootwildjagter kostelike dienste bewys; hy het gewerk vir ’n deel van die afval en oorskietvleis. Geplant of gesaai het hy nie, ’n vaste verblyf het hy nie geken nie, vee het hy nie gehad nie en sy enigste huisdier was die hond. Selde of ooit het hy gifpyle of vergiftigde asgaaie gebruik, maar hy was ’n deurtrapte veedief. Eers het die swartes op hom jag gemaak soos op ongedierte. Maar toe hy byna uitgeroei was – en die skaarsheid van wild het baie daartoe bygedra – het ’n paar klompies by verskeie swart kapteins skuiling gesoek en gekry. Die opperhoofde het hulle gebruik as opspoorders en jagters [...].

In J.A. van Schalkwyk (1985) se artikel oor die Vaalpense word ’n hele paar

keer na Marais se artikel verwys.

10. 'n Groot deel van die artikel word gewy aan 'n beskrywing van Klaas se voorkoms, kleredrag, gereedskap en hoe sy blyplek gelyk het. Oor laasgenoemde skryf Marais (1984: 378–379) soos volg:

Sy pondok en sy tuintjie was tussen reusagtige rotse versteek, wat hier hul grys koppe bo die sand uitsteek. Dit was 'n bos, reg in die middel van 'n lap van die gevreesde blouhaak, waar mens nóg dier kon deurkom. Sy werf was 'n oop lap grond van omtrent drie morge om die rotse. Waarom dié plek gekies was, was duidelik te sien: onder een van die olifantklippe was 'n diep, skuins put, van die bokant waarvan 'n fonteintjie yskoue water in enkele druppels afsyfer. In droogte was dit al water in daardie hele streek van die Middelveld. Deur 'n hoë heining van boomstamme was sy hutte en bokkraal beskut teen leeus en ander ongedierte.

11. Die tegnologie om yster te smelt, is ingewikkeld en is die eerste keer gedurende die tweede millennium v.C. in Wes-Asië ontwikkel. In Noord-Afrika, waarheen Fenisiërs die kennis gebring het, en in Egipte was ystersmeltery reeds gedurende die agtste eeu v.C. gevestig. Daarna het dit vinnig na die res van die kontinent versprei, waar dit deur verskillende kulture tot in die historiese tydperk beoefen is (kyk Phillipson, 1993: 158–160, 187–207 en 229–238).
12. Volgens Van Schalkwyk (1985: 152) het Udo S. Küsel (kyk 1979) in 'n persoonlike mededeling die beskrywing in Marais se artikel van hoe yster gesmelt en voorwerpe daaruit gemaak word nie baie betroubaar gevind nie en is dit "twyfelagtig of Marais self die smeltproses volledig waargeneem het, soos hy dit wel beskryf".
13. "Boesmanklippe" en "Geheim van die Boesmanklippe" het op 10 en 15 Maart 1931 in *Ons Vaderland* verskyn. Die artikels is die eerste keer in Marais se *Versamelde werke* (1984) gebundel. In 1932 het Marais ook die Pretoriase tak van die S.A. Nasionale Vereniging oor die gebruik van dié klippe toegesprek (kyk Rousseau, 1984c: 439).
14. Afbeeldings van die sogenaamde Boesmanklippe is te sien in Kenneth P. Oakley

(1965: 86) en H.J. Deacon en Janette Deacon (1999: 146). In Rousseau (1986: 95) verskyn 'n foto van 'n "[t]jipiese Boesmanklip".

Marais (1984: 330) maak op 15 Maart 1931 melding van "n massa briewe oor die geheim van die Boesmanklippe" wat *Ons Vaderland* ontvang het. Dat hierdie belangstelling nie net 'n gier was nie en tot vandag toe voorduur, blyk uit Deacon en Deacon (1999: 146) se opmerking: "Bored stones intrigue the public more than any other Stone Age artefacts, with the exception of rock art."

15. 'n Engelse weergawe van "Die heuningvoëltjie" met die titel "How the honey-guide delivered a man into the coils of a python" (in *The road to Waterberg*) het op 5 Maart 1927 in *The Star* verskyn.
16. In "Salas y Gomez" (in Marais, 1946) word op p. 82, en in "Die swart aasvoël – Koning van die Afrikaanse lug" (in Marais, 1984: 918) word op p. 918 "n Zeiss-verkyker" genoem wat deur die verteller gebruik is.
17. Kyk aantekening 7.
18. Altesaam elf van die artikels in *'n Paradys van weleer* het gedurende 1933 verskyn, wat 'n besonder produktiewe jaar vir Marais was.
19. In 'n brief uit 1972 het Eugène Charles Gerard Marais (1980: 35) hom soos volg oor hierdie hernieude belangstelling in sy vader uitgelaat:

The interest now in ENM is becoming a nuisance. Not a week passes but I get requests for his desk and his walking stick and his pipe and his manuscripts and for information about him ... So much these people record is wrong – with Ardrey as the greatest sondebok.

20. Leon Rousseau, die uitgewer van *The road to Waterberg*, kon nie op my navraag bevestig dat Eugène Marais jr. die Afrikaanse tekste vir die boek in Engels vertaal het nie. Dit is wel moontlik aangesien hy die "Preface" tot die bundel geskryf het en sy vertaling van *Burgers van die berge* in 1938 in Engels verskyn het.
21. Die artikel oor bobbejane in *Psyche*, October 1926, is eintlik afkomstig uit 'n brief wat



Marais aan Spilhaus geskryf het oor die hipnotiese genesing van Hessie van Deventer. Die tweede artikel, "The termite queen as the brain of an organism", het Marais op Spilhaus se versoek vir *Psyche* 8, 1933 (pp. 138–153) geskryf (kyk Du Toit, 1940: 185).

22. Kyk aantekening 15.

23. In Marais se ander tekste kom nog voëls voor (soos die vaalkoestertjie in "Die vaal koestertjie" in *Dwaalstories*), maar hulle speel nie so 'n groot rol as in hierdie tekste nie. In "Regte spoke in die natuur" (in *Versamelde werke*) maak Marais byvoorbeeld van sy kennis van voëls gebruik om skerp kritiek op genl. J.C. Smuts se *Holism and evolution* (1926) te lewer. Marais (1984: 307) bevraagteken onder meer Smuts se "kinderlik-naïewe verklaring dat skoonheid in die natuur vóór die mens bestaan het en ná hom nog sal voortbestaan". Later in die artikel maak Marais (1984: 316) onder meer die volgende sarkastiese opmerking:

As die *menslike* skoonheidsgevoel die heelal dirigeer, vanwaar dan die verskil tussen die kropkraan en die suikerbekkie? Die lied van genl. Smuts se *nightingale* laat al die ander diere en voëls yskoud, behalwe die uil en die Engelse *polecat* miskien, vir wie die lied ten minste die moontlikheid van 'n maaltyd in die vooruitsig stel. (Beklemtoneing deur die skrywer – J.L.M.)

24. Kenneth Newman (1997: 272) bevestig die gewoonte van die grootheuningwyser om mense na byneste toe te lok "terwyl hy 'n hoë, ratelende klank maak en opgewonde fladder". Volgens Gordon Lindsay Maclean (1985: 412) is daar "no satisfactory evidence for guiding of any other mammals". Oor die vraag of die heuningwyser 'n mens na 'n slang toe sal lei, skryf O.P.M. Prozesky (1964: 128) soos volg:

Die Bantoe veral glo dat as hulle nie vir hom 'n koek jong bye as beloning laat nie, die voël hulle die volgende keer na 'n ongedierte of slang toe sal lei. Dit is egter nie die geval nie. Die ondervinding het geleer dat die voël 'n mens nie altyd langs die kortste pad na die nes toe lei nie. Dit gebeur wel dat die voël somtyds 'n hele paar myl gevolg moet word, en dat die mens dan toevallig op 'n dier of slang kan

afkom.

25. Volgens Grové en Botha (1966: 110) val die klem “in die skets op die mees tiperende eienskappe van die landskap of watter onderwerp die kunstenaar dan ook wil voorstel – die mees tipiese dan, volgens sy interpretasie daarvan”.
26. Bevestiging vir dié gedrag van die bokmakierie kon nie in Tony Harris en Graeme Arnott (1988: 172–177) se werk oor die laksmanne van Suider-Afrika gekry word nie.
27. Hierdie “Aantekening” deur die uitgewer (moontlik Berta Smit?) speel ’n soortgelyke rol as die “Inleiding” wat Marais vir *Dwaalstories* geskryf het. Dit bevat veral inligting oor die oorsprong van die teks en beïnvloed die wyse waarop die leser *Die skepbekertjie* gaan lees.
28. In die besonder deeglik gedokumenteerde werk van Du Toit (1940) word daar nêrens melding van die teks gemaak nie. Dit is opvallend dat Marais ook nie weer in een van sy ander geskrifte na die tema teruggekeer het soos hy wel in ander gevalle gedoen het nie.
29. Die wêreldberoemde etoloog Jane Goodall was self by die skryf en publikasie van ’n aantal boeke vir kinders betrokke. Dit sluit in *My life with the chimpanzees* (1996) uit 1988, *The chimpanzee family book* (1989a) en *Jane Goodall's animal world: Chimps* (1989b). Sy skryf ook vir kinders altesaam agt boeke oor verskillende diere in die *Jane Goodall animal series*, wat almal gedurende 1991 die lig gesien het.

Niko Tinbergen en Hugh Falkus se ryklik geïllustreerde *Signals for survival* (1970: 8) beskryf en interpreteer in eenvoudige dog wetenskaplik akkurate terme die tekentaal van die klein swartrugmeeu (*Larus fuscus*) langs “the southern tip of Walney Island off the Lancashire coast; a nature reserve within sight of Barrow’s shipyards” in die Verenigde Koninkryk. Volgens die flapteks behoort die boek “of special interest to those in schools and universities as well as the general reader” te wees.

’n Boek wat met dié van Tinbergen en Falkus vergelyk kan word, is Konrad Lorenz se *The year of the greylag goose* (1979) oor die grysgans (*Anser anser*) waarmee hy in 1973 na sy aftrede as direkteur van die Max Planck Instituut vir Gedragsielkunde in Beiere na die Almmeer in Oostenryk getrek het. In die

“Foreword” skryf Lorenz (1979: 5) soos volg:

This is not a scientific book. It would be true to say that it grew out of the pleasure I take in my observations of living animals, but that is nothing unusual, since all my academic works have also originated in the same pleasure. The only way a scientist can make novel, unexpected discoveries is through observation free of any preconceived notions.

30. Ná dit wat Van Wyk Louw in 1961 in *Vernuwing in die prosa: Grepe uit ons Afrikaanse ervaring* (1973) oor *Dwaalstories* te sê gehad het, het niemand meer gedink dat dit 'n kinderboek is nie!

31. Die leser hoef uiteraard nie Marais se voorneme om “vir kinders” te skryf in alle opsigte letterlik op te neem nie. Dit blyk uit die volgende opmerking wat hy op 25 November 1926 in 'n brief aan Wilhelm Spilhaus (aangehaal in Du Toit, 1940: 170) gemaak het in verband met die skryf van die artikels wat in *Die siel van die mier* opgeneem is:

They were written primarily for people who knew nothing about these things. I was continuously influenced (while writing them) by the ‘unconscious idea’ that I was writing for children.

32. Volgens Botha (1980: 110) eindig die opstel “abrup, kortaf, soos ook ander verhale van Marais – let maar op die teenstelling tussen die abrupte, anekdotiese einde van ‘Salas y Gomez’, in teenstelling met die sterk dramatiese verloop van die verhaal”.

33. Volgens die verspreidingskaarte van die verskillende voëlspesies in Newman (1997: 286–292) kom daar tans ten minste ses koesterspesies in die streek voor, naamlik die kortstertkoester (*Anthus brachyurus*), die gewone koester (*Anthus cinnamomeus*), die Nicholsonse koester (*Anthus similis*), die donkerkoester (*Anthus leucophrys*), die vaalkoester (*Anthus vaalensis*) en die geelborskoester (*Hemimacronyx chloris*). Kyk ook die verspreidingskaarte in W.R. Tarboton, M.I. Kemp en A.C. Kemp (1987: 224–228). Aangesien die verspreiding van voëls nie staties is nie en sekere spesies deesdae 'n wyer verspreiding as enkele dekades gelede het, is dit moontlik dat

Marais in die betrokke gebied net vier koesterspesies gesien het. Dit is weliswaar ook so dat dit besonder moeilik is om sommige van die koesterspesies van mekaar te onderskei!

34. Die talle insetsels oor voëls op die weeklikse populêr-wetenskaplike televisieprogram *50/50* (met o.m. 'n gereelde voëlvasvra onder leiding van die ornitoloog Geoff Lockwood) en die voëlkursusse wat jaarliks deur onder andere Ulrich Oberprieler van die Nasionale Dieretuin in Pretoria aangebied word, speel ook 'n rol om Afrikaanse (en Engelse!) voëlname onder die breë publiek te “standaardiseer”. (In die digbundel *Aves: Gedigte* (2001) het ek in die individuele gedigte oor voëls geprobeer om ten minste in die titels die “regte” name te gebruik.)
35. Die Amerikaanse natuurkundige en kunstenaar John James Audubon (1785–1851) “broke new ground by painting birds life-size in dramatic attitudes, and by his meticulous care in drawing from fresh specimens, never from stuffed ones” (Williams, 1969: 22). Audubon is onder meer bekend vir sy *Birds of America* (1827–1838) en “was one of the first American conservationists, and modern conservationists are organized into Audubon societies named in his honor” (Asimov, 1975: 268).
36. Holm (1988: 268) is van mening dat “mense, en vir ons doel meer spesifiek natuurwetenskaplikes, geklassifiseer kan word op 'n gradiënt met twee pole: die spesialis aan een, en die generalis of algemenis aan die ander kant”.  
Kyk ook Holm (1985) se artikel oor die evolusie van generalis- en spesialis-spesies in die natuur, waarin sy generalis-spesialis-model ook behandel word.

## HOOFSTUK 8

# MARAIS EN DIE WATERBERGSE BROODBOOM (*ENCEPHALARTOS EUGENE-MARAISII* VERDOORN)

### 8.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke is verskeie uitsprake aangehaal waarin te kenne gegee word dat Eugène N. Marais nie voldoende erkenning vir sy etologiese navorsing oor termiete en bobbejane gekry het nie. Daar is egter een wetenskaplike ontdekking waarvoor Marais volledig erkenning gekry het, naamlik die ontdekking van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn).<sup>1</sup> Dit val op dat diegene wat oor die miskenning van Marais as natuurwetenskaplike geskryf het weinig, indien enige, aandag aan hierdie plantkundige bydrae gegee het.<sup>2</sup> Hierdie versuim staan in skerp kontras met die plantkundige Cynthia Giddy se beskrywing in haar standaardwerk, *Cycads of South Africa* (1989), van die ontdekking van dié spesie as opwindend (“thrilling”).

In Leon Rousseau se *Die groot verlange* (1984c) word die ontdekking van hierdie broodboom glad nie vermeld nie, ten spyte van die feit dat die Waterbergse broodboom reeds in 1945 deur Marais se susterskind en die doyenne van Suid-Afrikaanse plantkundiges, Inez Verdoorn, beskryf en na Marais vernoem is (kyk Verdoorn, 1945). Marais het dié sonderlinge plant in die Waterberg leer ken toe hy tussen 1907 en 1916 daar gewoon het, en hy het Verdoorn enkele jare voor sy dood daarvan vertel.

Hierdie leemte in sy verhaal oor Marais het Rousseau later self opgeval en daarom het hy in *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998: 87–91) vir die eerste keer enigsins breedvoerig oor die gebeure rondom die ontdekking van die plant geskryf. Volgens Rousseau (1998: 87–88) het hy wel in 1963 'n onderhoud met Verdoorn oor die broodboom gevoer, maar niks daaroor in *Die groot verlange* vermeld nie. Hy voer die volgende rede vir hierdie

weglating aan:

Dié deel van die onderhoud is taamlik kripties oorgetik en het vir my min beteken toe ek dit jare later weer beskou. Ongelukkig het ek dié aspek nie opgevolg nie. Die afwesigheid van die broodboom-storie is seker die belangrikste omissie in *Die groot verlange*.

In hierdie hoofstuk word vervolgens indringend oor die ontdekking van die Waterbergse broodboom verslag gedoen. Van die nuwe inligting wat aangebied word, is afkomstig uit 'n onderhoud wat deur Dick Findlay met Verdoorn gevoer is en wat in 8.2 volledig weergegee word. Die bespreking in hierdie hoofstuk het ten doel om die inligting wat Rousseau (1998) en Mieny (1984 en 1988) verstrek, aan te vul en, wat enkele aspekte betref, te korrigeer. Hierbenewens sal inligting wat in plantkundige studies verstrek word, maar nog nie in letterkundige studies ter sprake gebring is nie, ook behandel word om 'n duideliker beeld van Marais se wetenskaplike bydrae te skep. Ten slotte sal daar ingegaan word op Rousseau (1998: 90) se stelling dat die Waterbergse broodboom "deel van die Marais-mite" geword het en sal enkele samevattende opmerkings daarvoor gemaak word.

## 8.2 Inez Verdoorn se weergawe van die ontdekking van die Waterbergse broodboom

Inez Verdoorn het die Waterbergse broodboom beskryf en aan die wetenskaplike wêreld bekend gestel. In die hieropvolgende transkripsie van 'n onderhoud<sup>3</sup> wat Dick Findlay (DF) met Inez Verdoorn (IV) gevoer het, vertel die plantkundige watter rol Marais in die ontdekking van die plant gespeel het, hoe sy ná Marais se dood geprobeer het om die plant op te spoor, hoe dit op die plaas Vlakplaas gevind is en sy die plant, nadat sy dit daar gaan bekyk het, na die ontdekker daarvan vernoem het. Ter wille van kontekstualisering word die hieropvolgende transkripsie van die onderhoud met verklarende aantekeninge geannoteer:

*DF:* Tell me about your botanical ...

IV: About my botanical ... Well, that was, I think, it must have been in a couple of years before ... What year did he<sup>4</sup> die? '34?

DF: '34 or '35.

IV: Somewhere there. Well, I suppose '33 or '34.<sup>5</sup> He must have been living in a house in Vermeulen Street.<sup>6</sup> How on earth he got there I didn't know or why he should be there or how long he was there I didn't know, but he had evidently hired a room there. O yes, one of these men that wrote about him mentioned that room. How he went to see him there and that's when he got that shock, you know, when one day when he went in he had this queer smell which he afterwards realised was opium or morphine? I can't remember. Morphia.<sup>7</sup>

When he was living there he used to come to the herbarium,<sup>8</sup> very like you do. Just walk into my cubby. You know, he was such an easy person to get on with. He was never ever any fuss, he never asked for the chief or wanted to see anyone. He just used to come and like you say: 'Hallo, Inez,' you know, and then he would sit in my cubby-hole. It was a little bigger than this, sit in the chair and he had said he wanted me to name these succulents of his. He described them and I said: 'No, I can't name them from description.' He said: 'Well, you come down sometime,' you know, and then he talked to me about that ... Whether it was the first, or second or third visit, he said: 'What is the name of that cycad that grows in the Waterberg?' I said: 'There is no cycad in the Waterberg. They are all in the Eastern country. We only know them from the Eastern Cape, Natal and the Eastern Transvaal.' I had just started working on cycads. Nobody else was interested in that at that time. So he said: 'There is a cycad in the Waterberg on the Palala Heights!' So I said: 'Well, that's a shock to us, because we think there are no cycads in the West.' So I said: 'I must see this cycad.' So he said: 'I had sent a specimen to Dr Marloth<sup>9</sup> in the Cape.' He was the chemist-botanist, and Uncle Eugène always knew everybody, you know, he knew about everything, and he had sent this specimen to him. So I said: 'Ah well, we have just inherited Dr Marloth's whole herbarium. He had died a little while ago and he had left his herbarium to Dr Pole Evans.'<sup>10</sup> So I said: 'Let's go and look for it.'

Now I am so sorry that I didn't today show you when you were there that very specimen.<sup>11</sup> I looked through the Marloth herbarium, got this *Encephalartos*, pulled them out, you know, and I was paging through, and he said: 'There, there is my cycad!' and there he would see on this label (I must show it to you): 'Nelspruit, Mr E. Marais collector' and then the note on, there is an envelope with some of the seeds in it: 'These seeds were roasted and eaten by children and caused giddiness.' So he

looked at that. He said: 'Nelspruit? I never said Nelspruit!' He said: 'In the Waterberg, on the Palala Heights!' So in front of him I scratched out 'Nelspruit' and I've written 'Waterberg' and then: 'By E. Marais.' He said: 'It's Waterberg.' So I said: 'Now, please, Uncle, let me ... let's find that thing,' and he said: 'I'll take you there, take you to the Palala Heights and I'll show it to you.' And then sort of months would pass, you know, and I would not hear from him and soon after that I heard that he had shot himself.

So then I was *determined* that I would find this cycad. At that time I had worked out two or three other points. You know, there were only about nine cycads known in the *Flora Capensis*<sup>12</sup> and after I'd sort of struggled with them, there were four new species of mine<sup>13</sup> and other people have come since and now we've got about twenty, twenty one, twenty? In the twenties somewhere ... Number of the cycads ...<sup>14</sup> Also resuscitated some and when I was investigating one in the Middelburg (what's that place?), Botshabelo, you know, Toevlucht ... Most glorious place and the difficulty I had to get to this, because I had to do it all on my own. Nobody helped me those days. I took my mother for a holiday to Middelburg. She once said: 'Why Middelburg?' (*Albei lag.*) Of course I kept quiet. Then I got hold of the extension officer; he was a man called Toerien,<sup>15</sup> and I told him about this Botshabelo and that he must take me there and there is a cycad. He broke down of course the day before. I had to come home. The car broke down on our way there, but I did eventually get there and this Toerien was very interested when I told him about the cycad there and my other experiences in Middelburg on cycads and I sort of got him interested in cycads and he said: 'You know, I've been transferred to Potgietersrust.' So I said: 'Oh, wonderful! Now you've got to do something for me. You've got to go and find my uncle's cycad on the Palala Heights.' And he said: 'Good.' He would, and I thought that was last sien van die blikkantien again, you know. (*Verdoorn lag.*)

A few months afterwards I got a telegram: 'Found Eugène's cycad.' Ah! I thought, how wonderful! What shall I do? By this time Dr Dyer<sup>16</sup> had come (he was Mr Dyer then still) to the herbarium, you know, and he had become interested in cycads and in lots of other things that I was working on, and I said to him: 'I must go, must go and see the cycads. I want to see it for myself.' He said: 'All right,' he would work to see it with Dr Phillips.<sup>17</sup> So he told Dr Phillips that we wanted to go and see this cycad and we got money for the train, you know, and we telegraphed Toerien to meet us at Potgietersrust. It is a night journey and we got there in the morning and there he was and we raced off, and, you know, we went through this place called



Bokpoort.

DF: Yes, I know Bokpoort.

IV: You know it too? And I was quite certain that it was in his *My friends the baboons*. You know the story of when he went with a doctor, with a surgeon. I am sure it was through Bokpoort.<sup>18</sup> It had not been ... A road had not been made then. They went on horseback. So I was very thrilled with the whole trip. Eventually we got to this place and there was this Mrs Van Rooyen,<sup>19</sup> I think her name was ... Well, she took us up this little rantjie and there were two plants. After I had made all the ... I got a picture of the two of us next to this cycad looking over the valley and she said: "There was the old homestead. Dáár het ek gewoon. Toe ek 'n kind was, het ek vir meneer Marais dáár gesien, amper daaglik, en dis daar waar daardie bergpalm gegroei het. Daar was die kinders so siek. Hy het hulle gehelp om hulle reg te kry."<sup>20</sup>

And that's when I started, you know, describing the thing and I thought then that it was very rare, but since then we found it on Kwaggaspoort and we found it here in the hill near Middelburg, found it in the Wolkberg and it's turning up all over.<sup>21</sup> And it was distinctly new.

DF: And you called it after him.

IV: And I called it after him. I had always said that I didn't like Germanic names with the Latin ones, you know, and I didn't want to call it after ... call any of my new species after people, but letters, but I was determined I would this one. And also the recommendation was that you were not to have hyphenated words, but I was just determined that it was going to be *eugene-maraisii*.<sup>22</sup> It can't be just *marais*, because there are too many Marais in the world, you know.<sup>23</sup> So I had the hyphenated word. Somebody had years ago called a cycad *friderici-guilielmi* after Frederic William.<sup>24</sup> So I thought that if they can say, call a thing *friderici-guilielmi*, I can call it *eugene-maraisii*! (*Albei lag.*)

Inez Clare Verdoorn (1896–1989) was die dogter van Marais se suster, Georgie Verdoorn. Sy was van 1919 tot 1951 voltydse aan die Nasionale Herbarium van die Nasionale Botaniese Instituut in Pretoria verbonde en het haar werk ná haar aftrede nog in 'n deelydse hoedanigheid voortgesit tot in 1968. Sy het dus tot laat in haar lewe nog produktief tot haar vakgebied bygedra; 'n bydrae wat oor 49 jaar gestrek het en waartydens sy meer as 200 publikasies die lig laat sien het. Vir haar bydrae tot die studie van Suid-Afrikaanse plante is sy dan ook met 'n

eredoktorsgraad deur die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg vereer (kyk Gunn & Codd (1981: 361) en Fourie (1989)). Verdoorn het talle nuwe spesies beskryf, maar volgens Fourie (1989: 315) was die beskrywing van die *Encephalartos eugene-maraisii* een van die hoogtepunte van haar loopbaan.<sup>25</sup>

Toe Marais Verdoorn enkele jare voor sy dood besoek (“the first, or second or third visit”, volgens Verdoorn) en haar gevra het wat die naam van die broodboom is wat in die Waterberg voorkom, was hy gelukkig om met iemand te kon praat wat ’n vakkundige belang by die onderwerp gehad het. Verdoorn het toevallig gedurende hierdie tyd begin om oor broodbome navorsing te doen, wat mettertyd tot die beskrywing van vier nuwe spesies sou lei.<sup>26</sup> Marais kon dus met ’n gesoute en goed ingeligte wetenskaplike oor sy ontdekking praat.

Marais se instuur van plantmateriaal van die Waterbergse broodboom aan die Kaapse plantkundige dr. Rudolf Marloth het nie onmiddellik tot die “ontdekking” en beskrywing van die plant gelei nie. Hierdie “lewende fossiel” uit die laaste helfte van die Mesosoïese tydperk, wat 250 miljoen jaar gelede begin en ongeveer 65 miljoen jaar gelede tot ’n einde gekom het (kyk Goode, 1989: 13), sou nog geruime tyd vir sy naam moes wag. Soos uit die transkripsie van die gesprek tussen Findlay en Verdoorn blyk, het Verdoorn en die plantkundige wêreld ten tyde van Marais se gesprek met haar nog nie geweet dat broodbome ook in die westelike dele van Suid-Afrika voorkom nie. Soos Giddy (1989: 11) sou aandui, kom broodbome slegs in spesifieke omstandighede voor: “On every continent they are found today only in those regions where climatic conditions are most favourable: the tropical and temperate zones.” Toe Marais sy eksemplaar van die Waterbergse broodboom aan Marloth gestuur het, het laasgenoemde moontlik daaraan getwyfel of die Waterberg, met sy baie koue winters, dus ’n geskikte habitat vir ’n broodboom sou kon wees.

Hierdie moontlike skeptisisme van Marloth oor die voorkoms van broodbome in die Waterberg blyk, soos uit die getranskribeerde onderhoud na vore kom, uit Marloth se inskrywing op die etiket wat geheg was aan die eksemplaar van ’n blaar en enkele pitte van die plant wat Marais aan hom gestuur het. Dit kan verklaar waarom hy die plek waar die plantmateriaal vandaan kom as “Nelspruit” aangedui het.<sup>27</sup> Hy het ook ’n bestaande naam, *Encephalartos paucidentatus*, op die etiket

geskryf. Toe Verdoorn (wat aanvanklik ook verbaas was oor Marais se bewering van 'n broodboom in die Waterberg) die etiket aan Marais wys, was hy verontwaardig oor Marloth se fout (of wantroue in sy oordeel?). Verdoorn het nietemin sonder huiwering in Marais se teenwoordigheid die korrekte inligting op die etiket aangebring, naamlik dat die plant uit die "Waterberg" afkomstig is, "collected by Mr Eugene Marais Date Dec 1927".

Hoewel Verdoorn beweer dat sy vasbeslote ("determined") was om die plant op te spoor, het dit nog ongeveer tien jaar geneem voordat sy 'n lewende Waterbergse broodboom in sy natuurlike habitat kon besigtig en beskryf. Eksemplare van dié plant is intussen ook deur dr. Pole Evans, dr. E.E. Galpin<sup>28</sup> en 'n mnr. Steyn op verskillende plekke in die Waterberg versamel en aan die herbarium in Pretoria gestuur (kyk *Die Volkstem*, 27.4.1945 en Verdoorn, 1945: 1). Soos sy in die onderhoud vertel, kon Verdoorn eers self na die plant gaan kyk nadat 'n voorligtingsbeampte van die Departement van Landbou, mnr. P.S. Toerien, met wie sy kennis gemaak het terwyl sy navorsing oor 'n broodboom in die Middelburgse distrik gedoen het, na Potgietersrus verplaas is. Nadat hy 'n plant op die Palalaplato in die Waterberg aangetref het, het hy haar per telegram daarvan in kennis gestel.

Verdoorn en 'n kollega, dr. R.A. Dyer, het per trein na Potgietersrus gereis om saam met mnr. Toerien na die plant te gaan kyk. Die klein geselskap het twee plante daar aangetref. Hoewel Verdoorn nie in die onderhoud met Findlay die spesifieke plek noem waar hulle die Waterbergse broodboom gesien het nie, was dit op die plaas Vlakfontein,<sup>29</sup> volgens 'n berig in *Die Volkstem* (27.4.1945) waarin daar gesê word: "Vlakfontein lê op die Polala-hoogland [sic – JLM] en kan deur die Hangklipberge oor Bokpoort bereik word." Tydens die ekspedisie het die geselskap deur Bokpoort in die Hangklipgebergte gery om by die plante uit te kom, wat Verdoorn laat dink het aan 'n insident wat in Marais se "Friendship between men and baboons" in *My friends the baboons* (1939a) beskryf word. Marais vertel in die deel waarna Verdoorn verwys dat mnr. Piet van Rooyen van die plaas Purekrans ernstig siek geword het en dat hy (Marais) nie self op hom kon opereer nie.<sup>30</sup> Dr. Corkery van Warmbad se hulp is ingeroep en Marais en Van Rooyen se seun, Piet, het hom op Naboomspruit gaan haal. Een van die reeks "sonderlinge voorvalle wat

daarmee gepaard gegaan het” (p. 65), is die groot rotsstorting wat die geselskap, wat met perde en ’n donkie (“met die swaar medisyne- en instrumentekas van die dokter voorop”, p. 68) gereis het, in die smal poort meegemaak het.

Volgens Verdoorn het mev. Byb van Rooyen, die eggenote van Hans van Rooyen<sup>31</sup> van die plaas Vlakfontein, haar en dr. Dyer die broodboom “up this little hill” gaan wys. Volgens Verdoorn kon mev. Van Rooyen nog onthou hoe sy Marais as kind “byna daagliks” gesien het.<sup>32</sup> Van Rooyen het vertel van die kinders wat siek geword het toe hulle van die broodboom se pitte geëet het. Volgens haar het Marais “gehelp om hulle [die kinders – JLM] reg te kry”.

Oor die vergiftiging van die kinders bestaan daar enkele onduidelikhede, maar mev. Van Rooyen het sonder twyfel so ’n voorval onthou waarby Marais een of ander tyd in die verlede betrokke was. Die artikel in *Die Volkstem* maak daarvan melding dat kinders in 1926 “ernstig siek geword het van ‘wilde dadels’ wat hulle geëet het”. Marais, wat toe “op die plaas gekuier het, het hulle behandel”. Hierdie inligting laat die vermoede ontstaan dat Marais tóg weer die Waterberg besoek het nadat hy in 1916 daar weg is (kyk 8.3). Indien dit waar is, weerlê dit Rousseau (1984c: 289) se stelling in *Die groot verlange* (1974) dat Marais “nooit weer in die Waterberg [sou] gaan woon nie; *hy sou nooit eens weer daar kom nie*” (my beklemtoning).

Volgens genoemde berig in *Die Volksblad* het Marais in 1926 van die pitte aan dr. Marloth gestuur, waarskynlik omdat hy, met sy kennis van farmasie én botanie, die plant sou kon identifiseer. Hy sou moontlik ook kon weet of en, indien wel, waarom die plant se pitte giftig is. In die artikel in die *Journal of South African Botany* waarin die nuwe spesie formeel aangekondig is, dui Verdoorn (1945: 2) egter die jaar waarin Marais die eksemplaar aan dr. Marloth gestuur het as 1925 aan.

Verdoorn se belangstelling in die (moontlike) toksisiteit van die *Encephalartos* se pitte het voortgeduur, soos blyk uit Steyn, Van der Walt en Verdoorn (1948) se artikel getiteld “The seeds of some species of *Encephalartos* (cycads): A report on their toxicity”, waarin wenke in verband met die behandeling van vergiftigde mense gegee word. In die artikel word daar soos volg na Marais se waarneming verwys:

According to information supplied by Eugène Marais to one of us (I.C.V.), human beings who had eaten the roasted 'nuts', became very dizzy.

Verdoorn meld in die gesprek met Findlay hoe belangrik dit vir haar was om haar oom se naam aan die broodboom te gee. Dit was vir haar nie genoeg om die spesie net *maraisii* te noem nie, omdat daar so baie ander Marais's (in Suid-Afrika) is. Na analogie van die *Encephalartos friderici-guilielmi* het sy in ooreenstemming met die neergelegde reëls vir die benoeming van plante<sup>33</sup> op die naam *Encephalartos eugene-maraisii* besluit. Volgens Aïda Thorne (1990: 135) is die reël soos volg:

As die outeur nie die werklike versamelaar of 'ontdekker' van die plant of dier is nie, mag hy besluit om die naam van die persoon wat die eerste eksemplaar versamel of beskryf het, of dié van 'n bekende persoonlikheid wat iets met die natuursoort of die vakgebied in die algemeen te doen gehad het, in die wetenskaplike naam te verewig.

Met hierdie vernoeming sou Verdoorn sorg dat sowel Marais se naam (as die ontdekker) as haar eie (as die outeur wat die plant beskryf en sy naam die eerste keer geldig gepubliseer het) voortaan aan hierdie plantspesie gekoppel word. Marais se fyn waarnemingsvermoë en kennis was immers die beginpunt.<sup>34</sup> Soos J.L.B. Smith (1969: 55) die selekant byna op eerste sig (op grond van 'n tekening) kon herken, moes Marais heelwat van plante geweet het om die Waterbergse broodboom te kon eien in 'n streek waar broodbome nog nie voorheen deur iemand anders gevind is nie en in 'n tyd voordat daar 'n algemene belangstelling in broodbome ontwikkel en hulle as 't ware "mode"-plante geword het.

### 8.3 Leon Rousseau se weergawe van die ontdekking van die Waterbergse broodboom

Soos reeds in 8.1 genoem, het Rousseau in *Die groot verlange* nie oor die Waterbergse broodboom geskryf nie. In *Eugène Marais and the Darwin syndrome!*

*Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998) stel hy hierdie selferkende fout reg en kom hy met inligting vorendag wat tot dusver in min van die studies oor Marais verstrek is. In die betrokke gedeelte van sy latere boek verstrek Rousseau (1998: 89–91) nie net inligting oor die ontdekking van die broodboom nie. Hy probeer ook om 'n antwoord te kry op die vraag of Marais ná sy vertrek uit die Waterberg in Januarie 1916 (volgens Du Toit, 1940: 21 “in baie swakke gesondheidstoestand”) ooit weer 'n besoek aan die gebied gebring het. Hierdie vraag word eintlik die belangrikste deel van sy betoog.

Rousseau grond sy weergawe van die gebeure of “storie” rondom die ontdekking van die broodboom grootliks op die reeds genoemde berig, “Palmboom in die Waterbergse [sic – JLM] ontdek”, wat in *Die Volkstem* (27.4.1945) verskyn het.<sup>35</sup> Volgens hom is die inligting in die berig “kennelik deur Inez Verdoorn verstrek”. Die inhoud van die getranskribeerde gesprek tussen Findlay en Verdoorn, wat in 8.2 weergegee is, staaf hierdie afleiding. Die meeste van die inligting in die koerantberig blyk inderdaad met Verdoorn se weergawe in die onderhoud met Findlay ooreen te stem. Hoewel Rousseau ook van ander bronne gebruik maak, soos verder aan in die bespreking sal blyk, verwys hy geensins na plantkundige publikasies nie.

Aangesien Rousseau se aannames so sterk op die berig in *Die Volkstem* steun, maak hy as gevolg van 'n gebrek aan inligting enkele verkeerde gevolgtrekkings. Rousseau (1998: 90) se weergawe van Verdoorn se reaksie op Marais se vertelling van die broodboom wat hy in die Waterberg gesien het, is byvoorbeeld nie heeltemal juis nie. Volgens hom sou Verdoorn skepties na Marais se verhaal oor die broodboom geluister het. Rousseau (1998: 90) vervolg: “Sy weet dat geen palmbome of dwergpalms nog ooit in Noord-Transvaal gevind is nie. En daar bly dit, ook ná Marais se dood in 1936.” Hierdie inligting strook nie met Verdoorn se eie weergawe en met die inisiatiewe wat sy ná Marais se dood geneem het om die plant op te spoor nie. Al was sy aanvanklik verbaas oor die nuus dat broodbome in die Waterberg voorkom, was dit nogtans na aanleiding van haar inisiatief (al was dit eers jare later) dat die voorligtingsbeampte haar in kennis gestel het van die plant wat hy opgespoor het. Hy het dit boonop per telegram gedoen: asof daar groot haas was om die nuus aan haar oor te dra.

Die feit dat Verdoorn (en Dyer) self na Vlakfontein gereis het om na die broodboom te gaan kyk, word ook nie deur Rousseau genoem nie. Vir Rousseau (1998: 88) is dit “onduidelik” of Verdoorn in 1944 saam met botaniste “deur Bokpoort in die Hangklipgebergte na die Palala-plato” gereis het. Rousseau (1998: 90) laat dit dus verkeerdelik klink asof Verdoorn die plant beskryf het slegs op grond van materiaal wat deur “verskillende mense” (ook die botaniste wat in 1944 na die Waterberg gereis het?) na die herbarium in Pretoria gebring of gestuur is (kyk 8.2). Rousseau skep die indruk dat Verdoorn in die voorafgaande jare self min gedoen het om die plant op te spoor en asof daar selfs iets opportunisties in haar beskrywing en vernoeming van die plant was:

Inez Verdoorn “beskryf” die plant en doop dit *Encephelartos eugene maraisii* [sic – JLM]<sup>36</sup> met haar eie naam, Verdoorn, agterna. Eugène het dit ontdek, sy het dit beskryf. Sy onthou nou Marais se storie van sy besoek aan die plaas en die kinders wat hy behandel het, en sy vertel dit alles aan *Die Volkstem*.

Rousseau is skepties of Marais as die ontdekker van die plant beskou kan word. Die vraag of Marais inderdaad die ontdekker was, het Rousseau in 1998 aan dr. Hugh Glen van die Nasionale Botaniese Instituut gevra, wat soos volg daarop geantwoord het (Rousseau, 1998: 91):

Hoewel die wildedadel aan talle Waterbergers bekend was, kry Eugène Marais die eer omdat dit hy was wat dit onder die aandag van die wetenskaplike wêreld gebring het, selfs al het hy die plantvoorbeelde nie persoonlik versamel nie.<sup>37</sup>

In Rousseau se publikasie van 1998 word terselfdertyd breedvoerig verslag gedoen oor die kwessie of Marais weer die Waterberg besoek het ná hy in 1916 daar weg is.<sup>38</sup> In die berig in *Die Volkstem*, wat (soos reeds aangedui) gegrond is op ’n onderhoud wat met Verdoorn gevoer is, staan immers geskryf:

Op die plaas Vlakfontein in die Waterbergse [sic – JLM] het kinders in 1926 op ’n eienaardige soort palmboom afgekom en geëet van die vrugte wat na

dadels gelyk het. Dadelik het die kleinspan ernstig siek geword en Eugène Marais wat toe op die plaas gekuier het, het hulle behandel.

Op grond van hierdie berig het die opvatting ontstaan dat Marais wel in die middel-twintigerjare van die vorige eeu 'n besoek aan die Waterberg gebring het. Dié inligting is sedertdien deur Van der Westhuizen (1976: 2), Giddy (1989: 12) en Mieny (1984: 144 en 1988: 16) herhaal. Die feit dat Rousseau (1984c: 289) reeds in 1974 die teenoorgestelde beweer het, het by genoemde skrywers op dowe ore geval.

Rousseau (1998: 88 e.v.) staaf sy bevraagtekening of Marais weer die Waterberg besoek het veral met die stelling dat Marais in dié tyd op die plaas Steenkampskraal in die distrik Heidelberg gebly het, waar hy behandeling vir sy morfiënverslawing gekry het en dit "lank en moeisaam" sou vind om na die Waterberg te gaan.<sup>39</sup> Terselfdertyd het Marais bowendien gewerk aan sy Afrikaanse artikelreeks vir *Die Huisgenoot* oor sy waarnemings van bobbejane in die Waterberg, getiteld "Die siel van die aap" (kyk 6.4). Marais gee in dié artikels onder meer aandag aan "euforiese vergiftiging" by mense en diere (veral primate). Volgens Rousseau (1998: 89) het Marais self omstreeks 1910 op die Palala-plato gesien hoe bobbejane die pitte van "vreemde palmagtige bome" eet en daarvan dronk word.<sup>40</sup> Aangesien Marais in 1926 nie self na die Waterberg kon gaan om verder ondersoek na die verskynsel in te stel nie, skryf hy aan "sy ou en getroue vriend Hans van Rooyen, wat nog altyd saam met sy vrou, Byb, op Purekrans woon" en vra hom om vir hom pitte en blare van die plant Heidelberg toe te stuur. Marais het ook in die brief aan Van Rooyen gevra of die pitte giftig is, of die bobbejane dit eet en of hulle daarvan dronk word.

Rousseau (1998: 89) haal Van Rooyen se brief aan Marais volledig aan. Hierdie brief, waarin Van Rooyen al Marais se vrae beantwoord, het Marais saam met die plantmateriaal aan die redakteur van *Die Huisgenoot* gestuur en gevra dat die tydskrif dr. Marloth vra of hy die plant kan identifiseer. Die brief van "Mnr. J.J. van Rooyen, van Purekrans, p.k. Palala, oor Naboomspruit" het op 22 April 1927 in *Die Huisgenoot* verskyn:

Volgens my mening is die soort giftige vrug naby familie van ons dadelpalm.  
Die boom groei gewoonlik twee bymekaar en staan 'n paar tree uitmekaar,



met 'n kaal stam, wat soms sewe voet lank is, met 'n tros lang blare aan die top. Die vorm van die boom is byna net soos die groot varings met die lang blare. Elke jaar dra hy 'n tros van sy vrugte in die gedaante van pitte.

Wat sy giftigheid betref, het ek eenmaal mense gesien (n vrou en drie kinders) wat van die pitte geëet het. Hulle het dit onder die warm as gebraai en dit toe geëet. Hulle het baie naer geword en baie opgebring.

Maar wat die bobbejane betref, is ek nie heeltemal seker of hulle hom eet nie. Ek het baiekeer by so 'n boom gekom en gesien dat die bobbejane daar was en van die pitte stukkend gebyt het, maar dié wat stukkend gebyt was, het weer daar weggegooi gelê. Dis tog moontlik dat hulle party daarvan kon geëet het. Dit kom my meer voor dat die vrug baie bitter kan wees, en daarom byt die bobbejaan dit net stukkend en gooi dit weer weg, maar nie dat hy vir die giftigheid bang is nie. As die vrug vir die bobbejaan gevaarlik is, sal hy nooit daaraan byt nie, want van kleins af leer hy dat die vrug vir sy lewe gevaarlik is, en hy sal dit onaangeroerd laat, net soos hy van kleins af leer dat die skerpioen se stert gevaarlik is, en die eerste ding wat hy doen as hy 'n skerpioen kry, is om die stert af te ruk. Nee, ek dink die vrug is wel vir 'n mens gevaarlik, maar nie vir 'n bobbejaan nie. Die boom is by ons bekend as die wilde dadel.

Saam met die brief het 'n nota van die redakteur verskyn waarin vermeld word dat *Die Huisgenoot* pitte en blare van die plant aan "dr. Marloth, die bekende plantkundige" voorgelê het vir publikasie. Volgens Marloth sou dit 'n "kafferbroodboom" van die spesie *Enkephalartos paucidentatus* wees. Lesers is ook gevra om met "adv. Marais, Heidelberg, Transvaal", of met die tydskrif in verbinding te tree as hulle "meer van die plant en van die mening af weet dat bobbejane die pitte byt en daarvan opgewonde raak".

Rousseau maak in sy bespreking veral na aanleiding van die voorafgaande die afleiding dat Marais teen die einde van 1926 materiaal van die Waterbergse broodboom van Hans van Rooyen van die plaas Purekrans ontvang en dit toe via *Die Huisgenoot* aan Marloth gestuur het. (Dit is moontlik ook die materiaal wat later die tipe-eksemplaar, Marloth 13368, in die Nasionale Herbarium sou word.) Marais hoef dus nie self besoek aan die Waterberg te gebring het om materiaal van die broodboom in die hande te kry nie. Rousseau se slotsom is soos volg:

As Marais voor sy dood weer in die Waterberg was, sou dit my verbaas. Ek dink my stelling moet bly staan tot iemand dit verkeerd bewys, bv nasate van Hans Purekrans wat 'n besoek van Eugène Marais onthou of daarvan gehoor het.

Dit is hoofsaaklik binne hierdie konteks dat Rousseau sy vrae van vroeër geopper het of Marais wel die ontdekker van die Waterbergse broodboom was, aangesien hy waarskynlik nie self gedurende 1926 na die Waterberg kon reis om daar materiaal van die plant te bekom nie.

#### 8.4 Die Marais-mite

Vir Rousseau (1998: 90) is die Waterbergse broodboom “deel van die Marais-mite”. Na aanleiding van die voorafgaande bespreking oor aspekte van die ontdekking van die broodboom en die vernoeming van hierdie spesie na Eugène N. Marais, asook die bespreking van ander fasette van sy lewe en werk wat vir hierdie saak relevant is, is dit gepas om te vra wat die sogenaamde “Marais-mite” behels. In 'n studie oor 'n veelsydige figuur soos Marais se wetenskaplike geskrifte (en aktiwiteite) lyk dit meer as gepas om enkele opmerkings hieroor te maak. Die geloofwaardigheid van Marais se wetenskaplike werk en geskrifte is immers op die spel.

Maar wat word met “mite” bedoel?

Oor die konsep “mite” is daar reeds baie geskryf, waarvan heelwat op die oog af nie vir hierdie bespreking ter sake is nie. D.H. Steenberg (1992: 212) bevestig dat uiteenlopende omskrywings reeds vir die konsep “mite” gegee is. Volgens hom sal “die opvatting van die aard van die *mite* [...] wissel na gelang die ondersoeker se benadering histories, filosofies-teologies, sosiologies, dieptesielkundig, esteties of meer oorkoepelend is”. Dalk sal dit nuttig wees om vas te stel hoe die betekenis van die konsep met verloop van tyd verander het. Cuddon (1998: 525) se oorsig van die historiese ontwikkeling van die konsep “mite” lyk na 'n goeie vertrekpunt:

(Gk *muthos*, 'anything uttered by word of mouth'). It is a term of complex

history and meaning. Homer used the word *muthos* to mean narrative and conversation, but not a fiction. Odysseus tells false stories about himself and uses the term *muthologenevein* to signify 'telling a story'. Later, Greek *muthos* is used to mean fiction. Plato refers to *muthoi* to denote something not wholly lacking truth but for the most part fictitious. It has been surmised that the transition of *muthos* to mean fiction may have been helped by a kind of association with *muein*, 'to initiate into secrets' (hence, mystic, mystery). The word *muthikos* (mythical) went into Latin as *mythicus*. *Muthos* has also been equated with the Latin *fabula* (q.v.). Nowadays a myth tends to signify a fiction, but a fiction which conveys a psychological truth.

In die lig van die bostaande aanhaling sou die sogenaamde "Marais-mite" op sigself moeilik definieerbaar wees. Wat wel duidelik is, is dat die konsep "mite" met verloop van tyd die betekenis van 'n "verhaal" of 'n "storie" gekry het: 'n vertelling of oorlewing, dus, van een of ander aard waarin elemente van die fiktiewe en selfs die leuen aanwesig is. Volgens Van Gorp (1991: 262) is die mite oorspronklik in Griekeland "vaak in pejoratiewe zin gebruik [...] voor alles wat met de werkelijkheid in strijd is". 'n Verdere afleiding wat gemaak kan word, is dat taal 'n wesentlike deel van die proses uitmaak. Vir Roland Barthes (1972: 111) is die mite in der waarheid "a type of speech".

As daar sprake van 'n Marais-mite of -mites is, sou dit deur verskillende mense geskep moes gewees het. Die mite(s) moet ook aanwesig wees in geskifte oor Marais en/of in die oorlewering of vertellings oor hom. Dit het op een of ander manier met taal te doen. Eerstens kan die Marais-mite(s) bewustelik of onbewustelik deur Marais self geskep gewees het. Tweedens kon die mite(s) bewustelik of onbewustelik deur ander geskep gewees het: mense wat oor Marais geskryf het, mense wat eerstehandse of oorgelewerde herinneringe aan hom gehad het, en die enkeles wat Marais persoonlik geken het en moontlik self nog lewe.<sup>41</sup> Volgens Mieny (1984: 138) ontstaan daar "rondom groot en geniale figure [...] dikwels fabels,<sup>42</sup> waarvan sommige deur hulle self geskep is, en ander deur hulle bewonderaars versin is".

Voorbeelde van moontlike mites wat Marais oor homself geskep het, sluit die volgende in:

1. Marais het beweer dat hy 'n geneesheer was of, ten minste, dat hy in Europa in die geneeskunde gestudeer het. "In 1896 is ek na Europa waar ek 'n tyd lank in medisyne studeer het. Ek het 'n privaat kliniek in Londen bygewoon" (Marais, soos aangehaal in Mieny, 1984: 138). Rousseau (1984c: 133) kon hierdie beweringe nie bevestig nie. In die Waterberg was Marais nogtans as die "Wonderdokter" bekend en het hy inderdaad mediese hulp aan mense verleen.
2. Marais het aan sy seun vertel dat hy morfien "begin gebruik het as jong joernalis weens uitputting en slaaploosheid; aan die Waterbergers dat hy gedurig pyn het as gevolg van 'n onopgeklarede blindedermonsteking en aan die jong dr. Kestell op Heidelberg dat die Portugese dit as 'n geneesmiddel toegedien het vir malaria" (Mieny, 1984: 145).
3. Die voorstelling wat Marais van sy waarnemings in die Waterberg gemaak het, word soms as oordrewe beskou. In "Die wêreld se grootste bome staan in S.A." in *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) skryf Marais byvoorbeeld oor die buitensporige afmetings van 'n reuse-apiesdoring langs die Magalakwen waarmee 'n landmeter wat hom en Jan Wessel Wessels "vergesel het" vorendag gekom het. Plantkundiges soos dr. F. von Breitenbach beskou sedertdien die bewerings in die artikel as oordrewe (kyk Rousseau, 1998: 104–105).

Voorbeelde van moontlike mites wat ander persone oor Marais geskep het, sluit die volgende in:

1. Ondanks die veelsydigheid van sy oeuvre word Marais in Afrikaans hoofsaaklik as digter beskou, terwyl hy benewens slegs sowat 33 gedigte 'n aantal betekenisvolle prosawerke geskryf het. Uitsprake deur Preller (1925: 180), Malherbe (in Nienaber, 1947: 13–14), Nienaber-Luitingh (1962: 7), Dekker (1974: 55) en Roos (1998: 32) het tot hierdie mitologisering bygedra.<sup>43</sup>
2. Keyan Tomaselli (1989: 150) toon aan dat die amptelike voorstelling van Marais (bv. in skoolhandboeke) eensydig en oppervlakkig is en dat minder aangename fasette van sy lewe, soos sy morfienverslawing en teenstand teen pres. Paul Kruger, verswyg word. M. Nienaber-Luitingh (1962: 31) wys egter

op die rol wat Marais ná die Jameson-inval as bemiddelaar tussen die Uitvoerende Raad en die Reform Committee gespeel het: “Marais, wat jare lank en dikwels met heftige woorde die politiek van die Transvaalse regering bestry het, het geen oomblik geaarsel om hom in diens van daardie selfde Regering te stel toe die voortbestaan van die Republiek deur buitelandse magte in gevaar gestel is nie.”

3. Die persoon wat tot dusver die grootste rol gespeel het in die vorming van die beeld wat daar van Marais bestaan, asook in sy popularisering en mitologisering, is Leon Rousseau. In *Die groot verlange* bied hy 'n omvattende blik op Marais se lewensgeskiedenis, terwyl hy ook verskeie uitgawes van Marais se werk (o.m. sy tweedelige *Versamelde werke*) versorg en in 1998 met 'n nuwe publikasie, *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais*, vorendag gekom het. Elize Botha (1987: 103) wys in haar bespreking van *Die groot verlange* daarop dat Rousseau se preokkupasie met die rol wat morfien in Marais se lewe gespeel het “tot eensydigheid lei in die vertolking van gegewens”. Die leser ervaar “die reduksie van gegewens tot morfienisme as 'n vereenvoudiging”. Volgens A.P. Grové (*Hoofstad*, 29.11.1974) het Rousseau in *Die groot verlange* “oor 'n hele aantal aspekte van Marais se lewe ongetwyfeld groter helderheid gebring. Of ons oral op die basiese werklikheid te staan gekom het, wil ek egter betwyfel. Om die waarheid te sê, ek glo dat hierdie boek self sal kan baat by 'n deurgevoerde proses van ontmitologisering.”

Uit die enkele voorbeelde van mitologisering deur Marais self en ander persone wat oor sy lewe en werk geskryf het, is dit duidelik dat die leser van tekste deur en oor Marais nie kan aanvaar dat hy/sy altyd met die “basiese werklikheid” te doen het nie. Talle aspekte van Marais se lewe en werk het met verloop van tyd in halwe of verdraaide waarhede eie aan die mite versluier geraak. Dit maak dit nie maklik om eenvoudige aannames en afleidings te maak nie. Selfs oor Marais se ontdekking van die Waterbergse broodboom bestaan daar 'n hele aantal “foutiewe” sienings, soos in hierdie hoofstuk uitgewys is.

Rousseau se mitologisering van Marais wentel grootliks om die voorstelling

van laasgenoemde as iemand wie se optrede byna heeltemal deur sy verslawing aan morfien bepaal is. In sy mees resente publikasie oor Marais, *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998), bring Rousseau ook geen veranderings aan hierdie voorstelling van Marais aan nie. Die nugtere Mieny (1984 en 1988) laat eweneens nie reg geskied aan Marais nie: Mieny se modernistiese siening van professionaliteit in die wetenskapsbeoefening laat hom vraagtekens agter Marais se bevindinge plaas.

Die verhaal van die ontdekking van die Waterbergse broodboom bevestig nogtans die waarde van die ingeligte “amateur” vir die wetenskapsbeoefening. Terselfdertyd bevestig dit die spanning tussen funksionele skryfwerk en wetenskaplike skryfwerk by Marais, sodanig dat die een gedurig ’n skadu oor die ander werp (of dat die leser hom/haar gedurig bewus is van die een terwyl hy/sy besig is met die ander). Dit is ’n modernistiese projek om die twee van mekaar te skei. Misia Landau (1984 en 1991) voer aan dat elemente van die fiksionele ook altyd in sogenaamde objektiewe skryfwerk aanwesig is. Op die keper beskou, lê die wins daarin dat die hedendaagse leser met bifokale lense na Marais kan kyk.

In hierdie studie is daar deurgaans probeer om die “basiese werklikheid” tot spreke te bring. Hierdie werklikheid is vir die hedendaagse navorser oor Marais veral in die bestaande tekste opgesluit. Die voorafgaande bespreking (van o.m. die Waterbergse broodboom) bevestig dat dit vir ’n navorser wat aspekte van Marais se lewe en werk ondersoek, noodsaaklik is om met alle toepaslike tekste (ook dié deur natuurwetenskaplikes) rekening te hou.

Volgens Mieny (1984: 138) is dit “juis ’n ontleding van die persoonlike tragiek in sy lewe, en begrip vir sy ‘felste kwaal’, wat ’n mens met groter bewondering vervul vir sy bydrae ten spyte van die tragiese verkwisting van sy groot gawes”. Hierdie uitspraak oor Marais is waarskynlik in ’n groot mate van toepassing op Rousseau se voorstelling van Marais in *Die groot verlange*. Ondersoeke wat nie probeer reduseer en maklike opsommings bied nie, kan moontlik meer daartoe bydra om ’n ryker geskakeerde beeld van Marais aan die eietydse leser voor te hou. Dit beteken egter nie dat dit nodig is om Marais ten alle koste tot ’n bloedlose figuur te ontmitologiseer nie.

## 8.5 Samevatting

Die voorafgaande bespreking het gehandel oor die wetenskaplike optekening en beskrywing van 'n plant waarvan Eugène Marais as die ontdekker beskou word. Plantkundiges het Marais volkome erkenning gegee vir die rol wat hy gespeel het om die Waterbergse broodboom onder die wetenskaplike wêreld se aandag te bring. Die plantkundige Inez Verdoorn het die plant na hom vernoem as *Encephalartos eugene-maraisii*. Sedertdien verwys wetenskaplikes wêreldwyd in die boeke waarin hulle oor dié spesie skryf na “Eugène Marais, the poet and naturalist” (Giddy, 1989: 75), “the Afrikaans poet, writer and naturalist, Eugène Marais” (Goode, 1989: 59) en “Eugène Marais, South African writer and naturalist” (Jones, 1993: 191).

Die verhaal van die ontdekking van dié plant is op sigself die moeite werd om (so waar moontlik!) oor te vertel. In haar publikasie *Cycads of South Africa* noem Cynthia Giddy (1989: 12) die ontdekking van die Waterbergse broodboom “a discovery no less thrilling” as die ontdekking van 'n ander baie seldsame broodboom, die *Encephalartos woodii*, waarvan nog net een manlike plant en sy uitlopers bestaan en wat in 1895 deur Medley Wood ontdek is.

Op 'n enkele paragraaf na (kyk Marais, 1965b: 29) het Marais nogtans nie self oor die plant geskryf nie. Daar kan stellig gevra word waarom hy nie meer besonderhede oor die broodboom opgeteken het nie. 'n Antwoord op hierdie vraag is nie noodwendig moontlik of selfs nodig nie. Daar kan bespiegel word dat indien hy wel oor die plant sou geskryf het, Marais waarskynlik sou uitgebrei het oor die uitwerking wat die plant se pitte het op mense en diere wat daarvan eet.<sup>44</sup>

Uit wat Verdoorn sê oor die gesprek wat sy met Marais gehad het, is dit moontlik dat hy onder die indruk was dat dié broodboom reeds wetenskaplik beskryf is. Hy het immers by Marloth (aan wie hy materiaal van die plant gestuur het) asook Verdoorn (vir wie hy van die broodbome in die Waterberg vertel het) verneem wat die plant se naam is.<sup>45</sup> Dit lewer getuienis van 'n meer as gewone belangstelling in plante, soos ook blyk uit Marais se artikel “Die wêreld se grootste bome staan in S.A.” in *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b).

Saam met sy kennis van en belangstelling in die fauna en flora van die Waterberg het Marais oor 'n buitengewone waarnemingsvermoë beskik, wat hom in

staat gestel het om die betekenis van sy waarnemings te bepaal of minstens aan te voel. Sy waarnemingsvermoë het eintlik in 'n bepaalde kenniskonteks tot sy reg gekom, wat 'n deel van die hele proses van wetenskapsbeoefening is. So het hy die Waterbergse broodboom op die Palala-plato gesien en gewonder watter spesie dit is. Bykans 'n dekade daarna het hy gesorg dat materiaal van die plant vir identifikasiedoeleindes aan die bekende botanikus, Rudolf Marloth, gestuur word. Nog enkele jare later vra hy sy susterskind, Inez Verdoorn, of sy weet wat die plant se naam is. Dit is 'n goeie bewys dat Marais voortdurend oor sy waarnemings in die Waterberg besin het en dat hy geprobeer het om dit wetenskaplik te verklaar.

Elize Botha (1980: 352) se beswaar teen Leon Rousseau se *Die groot verlange* is veral teen die wyse waarop Marais as “veelkantige en enigmatiese persoonlikheid” nie in hierdie lewensroman volkome tot sy reg kom nie. “Dié veelkantigheid word egter vereenvoudig en die enigma nie opgelos nie, omdat Rousseau 'n sterk aksent lê op Marais as dwelmverslaafde, en te weinig laat sien van die ‘groot verlange’ van Marais na die wonder, na die ekstase”.

'n Uitgebreide behandeling van die Waterbergse broodboom (met inagneming van bestaande plantkundige publikasies) sou in *Die groot verlange* daartoe bygedra het om meer van Marais se veelsydigheid en sy “verlange na die wonder” te laat sien. Juis ook in die laaste jare van sy lewe het Marais gesprekke met onder andere sy susterskind gevoer (en prosa geskryf) waarin hy na die Waterberg met sy plante en diere en voëls uitgereik het. In die verhaal wat Verdoorn oor die ontdekking van die Waterbergse broodboom vertel, is die opwinding en die verwondering duidelik waarneembaar. Hierdie verhaal bring ook 'n noodsaaklike regstelling van die mite van Marais-die-kwaksalwer/charlatan/boereverneuker teweeg deurdat dit sy wetenskaplike kundigheid en ingesteldheid bevestig.

## AANTEKENINGE

1. Die naam “Waterbergse broodboom” vir hierdie sikadee word gebruik na aanleiding van Goode (1989: 58) se gebruik daarvan. Ander Afrikaanse volksname vir die plant sluit in: “bergpalm” (volgens mev. Van Rooyen in die gesprek tussen Verdoorn en Findlay (kyk 8.2), asook in Steyn, Van der Walt & Verdoorn, 1948: 758); “Eugène



Marais-bergpalm” (kyk *Die Volkstem*, 27.4.1945); en “wilde dadel” (kyk Steyn, Van der Walt & Verdoorn, 1948: 758.).

2. Van al die (nieplantkundige) skrywers wat na die Waterbergse broodboom verwys, is Miény (1984: 144–145 en 1988: 16–17) se bespreking van hierdie ontdekking die uitvoerigste.
3. Findlay het in 1990 ’n kopie van hierdie gesprek op band aan die skrywer hiervan oorhandig. Die onderhoud oor die ontdekking van die Waterbergse broodboom vorm deel van ’n langer gesprek oor Marais wat hy met Verdoorn gevoer het. Dit is ongelukkig nie bekend wanneer die opname gemaak is nie (Verdoorn is in 1989 oorlede).
4. Dit wil sê Eugène N. Marais.
5. Sowel Verdoorn as Findlay onthou die jaar verkeerd. Marais het op 29 Maart 1936 gesterf (kyk 2.2).
6. Marais het van die begin van 1931 tot September 1933 by mev. Jessie Cross en haar gesin in Vermeulenstraat 420, Pretoria, geloseer (kyk Rousseau, 1984c: 424 en 467). Marais se besoeke aan Verdoorn by die Nasionale Herbarium moes dus in hierdie tyd plaasgevind het. Miény (1988: 16) beweer dat Marais die besoeke aan Verdoorn in “1935, ’n paar maande voor sy dood” gebring het. Rousseau (1998: 88) stel dit soos volg: “Kort voor sy dood (1936) vra Marais sy niggie om die palm te ondersoek.” Sowel Miény as Rousseau se inligting is waarskynlik foutief.
7. Rousseau (1984c: 428–429) noem die geval van die Weiner-seun wat by geleentheid ’n boek vir Marais in sy kamer in Vermeulenstraat moes gaan teruggee en daar iets vreemds geruik het. Jare ná Marais se dood kon die seun dié reuk tydens sy mediese studie in Londen as morfien identifiseer.
8. Die herbarium was tot in 1973 naby die Uniegebou gehuisves in Vredehuis, Vermeulenstraat 590. Daarna het die herbarium na die nuwe gebou van die Nasionale Botaniese Instituut in die Botaniese Tuin, in die oostelike voorstede van Pretoria, verskuif.

9. Hermann Wilhelm Rudolf Marloth (1855–1931) is in Duitsland gebore, waar hy hom aan die Universiteit van Berlyn as apteker bekwaam en later 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Rostock verwerf het. In 1883 kom hy na die Kaap en begin dadelik om plante vir sy herbarium van Suid-Afrikaanse plante te versamel. Marloth is veral bekend vir sy geïllustreerde *Flora of South Africa*, waarvan daar tussen 1913 en 1932 ses dele verskyn het. Ná sy dood is sy omvangryke private herbarium, bestaande uit 20 000 blaaie met droë plantmateriaal, na die Nasionale Botaniese Instituut in Pretoria oorgeplaas (kyk Gunn & Codd, 1981: 244–245).
10. Danksy die inisiatief van Iltyd Buller Pole Evans (1879–1968), direkteur van die Eenheid vir Plantindustrie (Division of Plant Industry), het die Nasionale Herbarium gedurende die dertigerjare van die vorige eeu groot groei beleef en 'n hele aantal private herbaria (waaronder dié van Marloth) bekom (kyk Gunn & Codd, 1981: 283–285).
11. Marloth 13368 is die tipe-eksemplaar (Engels: “type specimen”) van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii*) waarop die beskrywing van die plant gegrond is (kyk Verdoorn, 1945). Die Internasionale Botaniese Kongres het in 1959 in Montreal, Kanada, spesifieke bepalings vir die nomenklatuur van plante neergelê. Oor die tipe-eksemplaar noem Gledhill (1985: 25) die volgende:

The type in botany is a nomenclatural type; it is the type for the name and the name is permanently attached to it or associated with it. [...] For the name of a species or taxon of lower rank, the type is *a specimen lodged in an herbarium* or, in certain cases, published illustrations. (My beklemtoning.)

12. *Flora Capensis* is 'n reeks publikasies waarin verskillende skrywers 'n sistematiese beskrywing van plante van die Kaap gee.
13. Die vier broodbome wat deur Verdoorn beskryf is, is *Encephalartos ngoyanus* Verdoorn, *Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn, *Encephalartos humilis* Verdoorn en *Encephalartos lebomboensis* Verdoorn. Saam met dr. R.A. Dyer beskryf sy ook *Encephalartos natalensis* Dyer & Verdoorn (kyk Giddy, 1989; Goode, 1989 en Jones,

1993).

14. In 1989 was altesaam 28 spesies van die genus *Encephalartos* Lehm. in Suid-Afrika bekend (kyk Giddy, 1989: 11). In Afrika in sy geheel was daar in dieselfde jaar altesaam 50 spesies bekend (kyk Goode, 1989: 14). Ander spesies wat in Afrika voorkom, is volgens Suzelle van der Westhuizen (1976: 1) tot “die sentrale en suidelike dele van Afrika beperk”.
15. Mnr. P.S. Toerien, ’n landbouvoorligter wat destyds aan die Departement van Landbou verbonde was.
16. Robert Allen Dyer (1900–1986) was van 1944 tot 1963 direkteur van die Nasionale Botaniese Instituut in Pretoria.
17. Edwin Percy Phillips (1884–1967) was aanvanklik kurator van die Nasionale Herbarium. Van 1939 tot en met sy aftrede in 1944 was hy hoof van die Divisie vir Plantkunde en Patologie.
18. Die insident word in “Friendship between men and baboons” uit *My friends the baboons* (1939a: 78–85) beskryf. Dit is die Engelse vertaling deur Marais se seun, Eugène Charles Gerard Marais, van *Burgers van die berge*.
19. Volgens Rousseau (1998: 88) moes dit “Byb gewees het, wat in 1910 deur haar man, Hans Purekrans, na Rietfontein gebring is vir haar bevalling”. Hierdie episode word in Rousseau (1984c: 237–238) beskryf. Let egter daarop dat Verdoorn mev. Van Rooyen later in die onderhoud aanhaal as sou sy Marais amper daaglik gesien het toe sy “n kind” was.
20. Dit is nie duidelik nie presies wanneer Marais in die Waterberg was toe hy die kinders gehelp het wat siek geword het van die pitte wat hulle geëet het. Kyk die bespreking verder aan.
21. Volgens Van der Westhuizen (1976: 5) kom die Waterbergse broodbom “endemies in die bergagtige dele van Transvaal [tans die Noordelike Provinsie – JLM] tussen 27° 50’ en 30° 50’ Oosterlengte en 23° 35’ en 25° 40’ Suiderbreedte [...] voor”. Giddy (1989:

75) noem ook die wye verspreiding en verskeie vorme van die plant:

Various forms of this species occur in widely separated parts of the Transvaal. These areas are Middelburg, the Waterberg, the Wolkberg and much further east in the Mica district. They all experience very cold winters and the rainfall varies from 625 to 750 mm in the first two localities to over 1 250 mm in the Wolkberg.

Verskillende populasies van die Waterbergse broodboom (kyk Van der Westhuizen, 1976: 5) het tot sowel die beskrywing van subspecies as die onderskeiding van spesies gelei. David L. Jones (1993: 191) som dit soos volg op:

Specimens from the Waterberg Region are representative of typical *E. eugene-maraisii*, whereas those from the Middelburg Region are treated by some authorities as a distinct species (see *E. middelburgensis*), and by others as a subspecies (*E. eugene-maraisii* ssp. *middelburgensis* Lavranos & Goode).

Die sogenaamde Middelburgse broodboom (*Encephalartos middelburgensis*) is deur Robbertse, Vorster en Van der Westhuizen (1989) beskryf.

22. Volgens Gledhill (1985: 29) is die voorskrif van die Internasionale Botaniese Kongres van 1959 oor spesiename soos volg:

The name of a species is a binary combination of the generic name followed by a specific epithet. If the epithet is of two words they must be joined by a hyphen or united into one word. The epithet can be taken from any source whatever and may also be composed in an arbitrary manner. It would be reasonable to expect that the epithet should have a descriptive purpose, and there are many which do, but large numbers either refer to the native area in which the plant grows or commemorate a person (often the discoverer, the introducer into cultivation or a noble personage).

23. 'n Algemene, "niespesifieke" naam om Marais se Pretoriase familie te vereer, is die naam "Les Marais", wat aan een van Pretoria se westelike voorstede gegee is.
24. Die *Encephalartos friderici-guilielmi* Lehm. is vernoem na koning Frederik Willem II van Pruise. Volgens Giddy (1989: 62) en Jones (1993: 192) was hy 'n vroeë "patron of botany".
25. Interessant genoeg het Verdoorn geen formele opleiding as plantkundige gehad nie (net soos Marais geen formele opleiding as dierkundige of medikus/sielkundige gehad het nie).
26. Kyk aantekening 13.
27. 'n Baie eenvoudige en ook moontlike verklaring sou kon wees dat "Nelspruit" bloot 'n verskrywing van "Nylstroom" of (meer waarskynlik) "Naboomspruit" was.
28. Die ywerige amateurplantkundige Ernest Edward Galpin (1858–1941) het tydens die laaste jare van sy lewe op die plaas Mosdene naby Nylstroom op die Springbokvlakte gewoon. Gedurende sy leeftyd beskryf hy talle nuwe plantsoorte, waarvan ongeveer 200 sy naam dra (kyk De Kock & Krüger, 1972: 255–256). Dit sluit die bekende apiesdoring (*Acacia galpinii*), die vlam-van-die-vlakte (*Bauhinia galpinii*) en die vuurpyl (*Kniphofia galpinii*) in. Die Waterbergse broodboom se wetenskaplike naam was byna *Encephalartos galpinii*!
29. Plantkundiges is dikwels versigtig om inligting bekend te maak oor die spesifieke plek waar broodbome voorkom. Dr. Hugh Glen van die Nasionale Botaniese Instituut, wat my die tipe-eksemplaar van die Waterbergse broodboom gewys en ook heelwat ander materiaal oor hierdie bedreigde spesie tot my beskikking gestel het, wou nie toelaat dat ek inligting oor plekke waar dié broodboom voorkom, fotokopieer nie.
30. Volgens Marais (1971: 65) was hy "destyds die enigste persoon in ons hele geweste wat mediese hulp van enige aard kon verleen".
31. Kyk aantekening 19.

32. Kyk aantekening 19.
33. Kyk aantekening 22.
34. Mieny (1988: 16–17; kyk ook 1984: 145) maak melding van 'n tweede ontdekking wat met die ontdekking van die Waterbergse broodboom gepaard gegaan het:

In die conus [van die *Encephalartos eugene-maraisii* – JLM] het dr. Verdoorn 'n klein boorkewer met 'n slurpie of proboscis gevind wat hom net soos 'n klein olifant laat lyk het. Die voorkoms het verskil van al die kewers wat sy in die verlede in sikadeë gevind het. Hierdie kewer is later by die Imperial Institute of Entomology in Londen as heeltemal nuut en van groot taksonomiese belang uitgeken.

Hulle het dit *Apinotropus verdoornii* genoem.

Kyk ook Jordan (1945: 111–112). Die naam wat Jordan aan die kewer gegee het, is *Apinotropis verdoornae* en nie *Apinotropus verdoornii*, soos foutiewelik deur Mieny in die aanhaling aangedui word nie.

35. Volgens Rousseau (1998: 88) het hy die berig uit *Die Volkstem* en kopieë van die etiket van “Marais se broodboom” van dr. Hugh Glen van die Nasionale Botaniese Instituut ontvang. Rousseau (1998: 88) vermeld ook 'n gesprek in 1988, 'n jaar voor haar dood, met Verdoorn. Volgens Rousseau was dié gesprek “vrugteloos”.
36. Die wetenskaplike naam wat Verdoorn (1945) aan die plant gegee het, is *Encephalartos eugene-maraisii*.
37. Glen se antwoord stem ooreen met Gledhill (1985: 29) en Thorne (1990: 135) se uiteensetting aangaande die vernoeming van mense.
38. Hoe desperaat Marais was om die Waterberg te verlaat, blyk uit die volgende sin uit 'n brief wat hy op 15 Januarie 1916 op die plaas Rietfontein aan sy seun geskryf het: “I *must* escape from here at once.”

39. Rousseau (1998: 88) maak melding van die vervreemding wat tussen Marais en sy seun ingetree het nadat laasgenoemde in 1924 op Brits gaan bly het: "In 1925 en 1926 was Marais nog op Heidelberg, en dit is hipoteties moontlik dat hy wel in dié tyd sonder sy seun se wete na Purekrans gereis het. Ek betwyfel egter of hy het [...]"
40. Dié betrokke bespreking deur Marais (1965b: 29) handel oor euforiese vergiftiging en lui soos volg:

In Waterberg, in tye van droogte en hongersnood, eet die bobbejaan, of probeer hy om te eet, alles wat die gedaante van 'n lewendige plant of insek voer. En so leer hy die gebruik van nuwe voedsel.

In een geval, naby die oog van Palala, het ons op die spoor gekom van feite wat baie na euforiese vergiftiging lyk. Daar groei 'n besondere soort bessie wat uiters giftig is. Twee kinders wat 'n klein hoeveelheid geëet het, het altwee simptome van gevaarlike narkotiese vergiftiging getoon. Altwee was vir ure bewusteloos; ademhaling en pols uiters stadig; kykers wyd gerek. Die bobbejane eet die bessies gereeld. Die naturelle beweer dat hulle lam word en slinger van die gif. Hulle doen dit selfs in jare van oorvloed.

Indien dit later blyk dat die vergiftiging in hierdie geval nie eufories kan genoem word nie, toon dit nietemin ten duidelikste hoe die mens sy euforiese gifsoorte ontdek en aanvaar het.

Dié bespreking het oorspronklik as 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 10.12.1926 verskyn.

41. Rousseau (1998: 114–120) verskaf 'n naamlys van 91 persone met wie hy tussen Junie 1963 en Mei 1974 onderhoude vir die skryf van *Die groot verlanje* gevoer het. Daar was dus tot byna vier dekades ná Marais se dood nog talle mense wat iets oor hom te vertelle gehad het.
42. Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* definieer "fabel" onder meer as "Versinsel, leuen, verdigsel" (Odendal *et al.*, 1994: 207).
43. Renée Marais (1993: 11) toon aan dat verskeie faktore bygedra het tot die manier

waarop Marais in die Afrikaanse literatuur “gekanoniseer en selfs gemitologiseer is. Die wyse waarop sy poësie oor die jare heen gepubliseer is en die ontvangs wat dit te beurt geval het, het myns insiens grootliks hiertoe bygedra.”

44. Dit is 'n raaiskoot wat my te veel aan dele van Rousseau se *Die groot verlange* laat dink!
45. Of Marais aan Verdoorn sou gesê het sy “kan gerus die plant beskryf” (Rousseau, 1998: 90), kan nie uit die bandopname van die gesprek tussen Verdoorn en Findlay afgelei word nie.